**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**

**(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)**

I1.14 Vol. 107 Pg. 5283-5356.

**SAAKNOMMER: CC 482/85** DELMAS

1986-06-11 en 12

**DIE STAAT teen:** **PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER**

**VOOR:** **SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN**

**ASSESSORE: MNR. W.F. KRUGEL**

**PROF. W.A. JOUBERT**

**NAMENS DIE STAAT:** **ADV. P.B. JACOBS**

**ADV. P. FICK**

**ADV. W. HANEKOM**

107

**NAMENS DIE VERDEDIGING:** **ADV. A. CHASKALSON**

**ADV. G. BIZOS**

**ADV. K. TIP**

**ADV. Z.M. YACOOB**

**ADV. G.J. MARCUS**

**TOLK:** **MNR. B.S.N. SKOSANA**

**KLAGTE:** **(SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)**

**PLEIT:** **AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG**

---

**KONTRAKTEURS:** **LUBBE OPNAMES**

---

**VOLUME 107**

**(Bladsye 5 283 - 5 356)**

MNR. FICK : U Edele, ons vertrek nou na die Oos-Kaap toe. Die volgende getuie sal getuig oor Grahamstad. Dit is paragraaf 19 bladsy 79 van die besonderhede.

HOF : Paragraaf 66 ook?

MNR. FICK : Paragraaf 66 van die akte. Die Staat roep vir kaptein Willem Andries Nel. Die Staat wil dit net duidelik maak dat hy in verband met hierdie getuienis ook sal steun op die bewerings op bladsy 7, 9 en 10 van die akte van beskuldiging. Dit is basies die sameswerings.

WILLEM ANDRIES NEL, v.o.e.

ONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : U is 'n kaptein in die Suid-Afrikaanse Polisie en u is gestasioneer te Grahamstad? — Dit is korrek.

Op Maandag 3 Oktober 1984 ongeveer 10h30 was u aan diens in die Joza Swartwoonbuurt, Grahamstad en u was by die Ntsika Junior Sekondêre Skool op diens? — Dit is korrek.

Het u observasie gehou daar? — Ek het observasie daar gehou. Dit is korrek.

Wat was by hierdie skool aan die gang? Wat het u gesien? — Ek het opgemerk terwyl ek observasie gehou het dat daar plus-minus driehonderd leerlinge by die skool vergader het.

As u sê by die skool, bedoel u in die skool of op die terrein? — Op die terrein van die skool.

HOF : Dit was in skooltyd gewees? — Dit was in skooltyd gewees.

Nie vakansietyd nie? — Nee, dit was in skooltyd gewees.

MNR. FICK : Wat het daar gebeur? — Die leerlinge was bewapen gewees met stokke, stukke harke, grawe en hulle het gesing en slagspreuke geskreeu terwyl hulle daar in bondels vergader het.

Kon u hoor wat hulle geskreeu het? — Ek kon van die slagspreuke hoor wat hulle geskreeu het.

... / Wat

Wat het hulle geskreeu? — Van die slagspreuke wat hulle geskreeu het was "Viva Mandela. Viva Thambo. Viva UDF. Viva COSAS." Dan verder het hulle geskreeu "Voetsek Botha."

Kan u vir die Hof aandui, weet u waaroor het hierdie samedromming plaasgevind by die skool? Wat was die rede? — Ek kan nie sê wat die eintlike rede was waarom hulle saamgedrom het nie, maar dit was duidelik dat hulle uit was om amok te maak, aangesien hulle bewapen was.

Gaan voort. Wat het toe gebeur? — Die groep het toe uit die skoolterrein uitbeweeg met hulle wapens en hulle het in die straat voor die skool begin opvorm.

U het gesê dit was ongeveer 10h30. Hoe lank het hulle daar aangegaan voor hulle in die straat begin opvorm het? — Dit was plus-minus 'n uur gewees wat hulle daar in die skoolterrein besig gewees het.

HOF : Dit was omtrent 11h30? — 11h30 na 11h45 toe.

MNR. FICK : En toe hulle nou daar in die straat gevorm het, was hulle stil, rustig? — Nee, hulle was steeds met die wapens, hulle het die wapens omhoog gehou en hulle het ook klippe na ons begin gooi.

Het die slagspreuke opgehou op daardie stadium? — Op daardie stadium was daar nie verdere slagspreuke nie.

Gaan voort? — Op daardie stadium het ek inligting ontvang van 'n splintergroep wat aan die suidekant van die skool deur die heining gebars het en in die rigting van die Tantyi woongebied met hulle wapens beweeg het.

HOF : Wat is die Tantyi woongebied? — Die Tantyi woongebied is 'n ander gedeelte van die Swartwoongebied Grahamstad.

Lê dit teenaan hierdie woongebied? — Dit lê ongeveer so 400 meter vanaf die Joza woongebied.

MNR. FICK : Gaan voort? — Ek en 'n groep van my mense het

... / die

die groep uitmekaar uit gaan maak.

HOF : Dit is die groep wat deur die heining gebars het? — Die groep wat deur die heining gebars het.

MNR. FICK : Hoe ver van die skool af het u hulle aangetref? — Dit is plus-minus 400 meter vanaf die skool, die Ntsika Skool.

Hierdie groep, het hulle enige wapens by hulle gehad? — Hierdie groep het steeds hulle wapens by hulle gehad, soos stokke en harke en stukkende grawe. Ons het daarin geslaag om 'n paar van die mense daar te arresteer en die groep uiteen te dryf.

Het u enige plakkate gesien die dag? — Ek is weer terug na die skool, waarop ek toe gemerk het dat die voorste persone in die groep voor die skool 'n plakkaat vertoon het. Die plakkaat was in die vorm van 'n skoolswartbord gewees. Groot bo-aan die plakkaat het gestaan COSAS en onder aan het gestaan "Police go away, we do not need you." Die groep het weer in ons rigting beweeg en ons met klippe begin gooi. Ons het op daardie stadium opgetree en die studente uiteen gedryf met sambokke en traangas. Sestien persone is in hegtenis geneem op daardie dag.

Is dit nou voortspruitende uit hierdie voorval? — Voortspruitende uit hierdie voorval. Hulle is aangekla weens openbare geweld. Tien van die persone was skuldig bevind weens openbare geweld in die Streekhof te Grahamstad.

Op daardie stadium, dit is nou 3 Oktober 1984, was daar enige ander onlus of onrus in daardie woongebiede aan die gang of was dit net hierdie geïsoleerde geval waarvan u weet? — Dit was 'n geïsoleerde geval waar ek by betrokke gewees het. Ek kan nie onthou van die ander nie.

U het net die betrokke dag gaan help? — Dit is korrek.

... / Kan

Kan u enige van die liede onthou wat daar gesing was by die skool? U het die slagspreuke genoem? — Ek kon nie die liedere uitmaak wat gesing was nie.

MR BIZOS ASKS FOR A SHORT ADJOURNMENT.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

WILLEM ANDRIES NEL, nog onder eed

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS : Kaptein Nel, het u getuienis gegee in die saak waarin die persone van openbare geweld aangekla was? — Dit is so.

Waar was dit en wanneer? — Dit was in die Streekhof Grahamstad. As ek reg onthou was dit gedurende 1985.

Kan u die eerste beskuldigde se naam onthou? — Ek kan ongelukkig nie die naam onthou op hierdie stadium nie.

Die skoliere wat op die skoolterrein was ongeveer 11h00 op die betrokke dag, hoeveel van hulle was daar? Weet u? — Aanvanklik was daar plus-minus driehonderd. Nadat die honderd weggebreek het, maak ek 'n beraming van plus-minus tweehonderd.

Was daar nie miskien soveel as 'n duisend skoliere binne-in die skoolgebied nie? — My beraming was plus-minus driehonderd gewees. Ek stem nie saam dat daar 'n duisend gewees het nie.

Is die skoliere gevra of gewaarsku om weg te gaan of om uiteen te gaan? — Hulle was gewaarsku. Ek kan nie onthou wie hulle gewaarsku het nie. Ek het daar aangekom toe hulle reeds gewaarsku was.

O, het u eers daar gekom na hulle gewaarsku was? — Dit is nadat ek die groep uitmekaar uit gedryf het. Daar was blykbaar 'n waarskuwing gewees. Ek het daar aangekom na die waarskuwing.

Is u in staat om te erken of te ontken dat daar oorspronklik

... / ten

ten minste 'n duisend skoliere was wat nie gewapen was nie, wat uiteen gejaag is deur die polisie? — Ek ontken dat daar 'n duisend skoliere was wat nie gewapen g ewees het nie.

Maar voor u daar gekom het. Hoe kan u dit ontken? — Ek het eers - ek was eers daar gewees toe ek gesê het daar plus-minus drie-honderd in die skool vergader het met wapens. Ek is daarna van daar af om die ander groep uitmekaar uit te kry en ek het teruggekeer toe die groep weer opvorm.

Nee, wat ek aan u stel is of u in staat is om te erken of te ontken dat voor u daar gekom het, daar meer mense was, ongeveer 'n duisend, dat hulle nie gewapen was nie en dat hulle deur die polisie uiteen gejaag is? — Ek ontken dat daar 'n duisend was wat deur die polisie uitmekaar gejaag was.

Maar u was nie daar toe die groep gewaarsku was om uiteen te gaan nie? — Dit is korrek, ek was nie daar nie.

HOF : Die getuie sê daar was 'n groep van driehonderd. Toe glip daar 'n klomp van hulle by die agterste heining deur. Toe is hy om om daardie groep te gaan keer. Intussen is hierdie groep van tweehonderd wat oorbly gewaarsku. Toe hy terugkom was hulle al gewaarsku en toe het hy gehelp om hulle op te breek.

MNR. BIZOS : Jammer, ek het dit misverstaan.

HOF : Kan u net vir my dit sê. Toe u op die toneel kom by die skool, die heel eerste keer, was daar al ander polisie of was u die eerste polisie wat by die skool opdaag? — Daar was ander polisie gewees by die skool.

MNR. BIZOS : U weet nie hoe die polisie voor u aankoms daar opgetree het nie? — Daar was geen optrede gewees tydens my aankoms of voor my aankoms gewees nie.

Hoe weet u dat daar geen optrede deur die polisie was voor u daar gekom het nie? — Toe ek op die toneel kom was die

... / offisier

offisier wat in bevel was op die toneel. Ek het 'n ruk by hom vertoef voordat daar enige optrede gewees het.

Was dit beweer dat die polisie eers opgetree het en na die polisie-optrede met traanrook - was dit beweer dat die polisie traanrook en knuppels gebruik het om die jongmense uiteen te jaag? Dit was voor daar enige geweld deur die skoliere gebruik was? Was dit beweer? — Ek dra nie kennis dat daar enige bewerings daaromtrent was nie.

HOP : Is die bewerings in die hofsaak gemaak toe u getuig het? Toe u getuig het, is dit beweer dat die polisie traanrook gebruik het en knuppels voordat die skare oproerig was? — As ek my kan voorstel was daar so 'n bewering gemaak. Verskoon tog.

MNR. BIZOS : En was die bewering ook dat die skoliere links en regs weggehardloop het en by die huise in die omgewing ingegaan het? — Daar was so 'n bewering gemaak.

En dat traanrook binne-in die huise gegooi is? — Daar was so 'n bewering gemaak.

Is dit gesê dat as gevolg van daardie optrede het kleiner groepies skoliere daar beweeg in die straat en in die skool-terrein daarna? — Daar was sulke bewerings gemaak.

Ek is nie in staat om aan u te stel wat die plakkaat was of wat daarop was nie, maar ek wil vir u vra, wanneer is u vir die eerste keer gevra om te sê wat op die plakkaat was? — Ek was nie gevra om dit te sê nie. Ek het dit self gesien en daaroor getuig.

Wat die slagspreuke was en wat op die plakkaat was, was dit ook in u getuienis te Grahamstad? — Dit was in my getuienis as ek kan onthou.

Dra u kennis van die feit dat die leiers van COSAS en ander gemeenskapsorganisasies reageer het oor die geweld

... / wat

wat deur die polisie en deur die skoliere gebruik is in koerantberigte? — Ek dra nie kennis daarvan nie.

Is u in staat om te erken of te ontken dat COSAS verteenwoordigers openbare verklarings gemaak het in die openbaar dat hulle organisasie hulle nie vereenselwig met die geweld wat deur skoliere gebruik was in die Oos-Kaap nie? — Ek kan nie ontken dat ek nie daarvan gehoor het nie.

HOF : Beteken dit dat u het daarvan gehoor of u het nie daarvan gehoor nie? — Ek het daarvan gehoor.

MNR. BIZOS : Behalwe COSAS en UDF is daar 'n hele aantal gemeenskapsorganisasies in die Oos-Kaap? — Ek dra nie kennis van enige ander gemeenskapsorganisasies nie.

Van geen ander gemeenskapsorganisasies nie?in die Oos-Kaap? U dra geen kennis van enige gemeenskapsorganisasies in die Oos-Kaap behalwe COSAS en die UDF nie?

HOF : Laat ons dit net duidelik stel. Bedoel u op plaaslike vlak of op algemene vlak?

MNR. BIZOS : Plaaslike vlak.

HOF : Met ander woorde, by elke gemeenskappie, by elke dorpie?

MNR. BIZOS : By elke dorpie? — Uit die aard van my werk in die polisie, bepaal ek my weinig by ander gemeenskappe. Ek is bewus van gemeenskappe onder die Blankestudente van sekere organisasies.

Behalwe die Blankestudente, is u nie bewus van enige ander organisasies nie? — Ek dra nie kennis van enige ander organisasies nie.

Van jeugorganisasies of gemeenskapsorganisasies in die verskillende plekke? — Ek dra nie kennis daarvan nie.

Of AZAPO of AZASM? — Ek dra nie kennis daarvan nie.

Is u nie in die veiligheidspolisie nie? — Dit is korrek, ek is nie in die veiligheidspolisie nie.

... / HERONDERVRAGING

HERONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : U is van die drank- en dwelmtak? — Dit is so.

GEEN VERDERE VRAE.

- - - - - - - - - - -

MNR. FICK : U Edele, die volgende getuie sal oor dieselfde paragrawe getuig. Hierdie getuie is Johannes Hendrik Bosch.

JOHANNES HENDRIK BOSCH, v.o.e.

ONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : U is 'n majoor in die polisie gestasioneer te Grahamstad? — Dit is korrek.

U is nie in die veiligheidspolisie nie? — Nee.

HOF : Is u op die drank- en dwelmtak? — Ek is verbonde aan die speurtak.

MNR. FICK : Op 9 November 1984 het u waarnemingsdienste verrig by die Swartwoonbuurt by Grahamstad by die begraafplaas?

HOF : Watter woonbuurt is dit nou? — Dit is die Tantyi woonbuurt.

MNR. FICK : Terwyl u daar by die plek was waar u waarnemings gedoen het, het die begrafnisoptog opgedaag by die begraafplaas? — Dit is korrek.

Weet u wie se begrafnis dit was? — Dit was die begrafnis van 'n Swartjeugdige, Patrick Ndyogolo.

Hoe laat het hierdie optog by die begraafplaas opgedaag? — Dit was ongeveer 12h00, 12h30.

Het u met die blote oog gesit en kyk of 'n verkyker gehad? — Ek het 'n verkyker by my gehad. Ek het van hom gebruik gemaak.

Het u enige baniere of plakkate opgemerk by die optog? — In die voorste gedeelte van die optog wat bestaan het uit plus-minus drieduisend persone, was daar verskeie baniere.

Watter baniere het u opgemerk? — Met behulp van die verkyker het ek die bewoording UDF en COSAS Unites

... / opgemerk

opgemerk.

HOF : Dit is nou verskillende baniere? — Dit is verskillende baniere.

MNR. FICK : Was dit handgemaakte baniere of gedrukte goed? — Dit was handgemaakte baniere.

Hoeveel baniere het u ongeveer daar gesien? — As ek moet skat sal ek sê nie meer as ses nie.

Die begrafnisgangers, soos hulle in die stoet geloop het, het hulle stil en rustig gestap? — Nee, hulle het in 'n groot formasie gestap, voete gestamp, hulle gebalde vuiste in die lug gesteek en daar was gesing.

Was daar net gesing? — Ek het slagspreuke gehoor, onder andere "Viva Mandela. Viva UDF. Viva COSAS."

Hoe was die drag van hierdie begrafnisgangers? — Die grootste gedeelte van die begrafnisgangers was in gewone klere. Daar was egter 'n redelike hoeveelheid wat gekleurde T-hempies aangehad.

Kon u sien wat se T-hempies dit is? — Ek kon nie al die bewoording daarop uitmaak nie, maar die groot gedrukte woorde kon ek wel uitmaak. Onder andere COSAS wat op 'n wit T-hempie gedruk was en UDF wat op 'n geel T-hempie gedruk was.

Hoeveel van hierdie T-hempies het u ongeveer gesien? — As ek moet skat uit die drieduisend uit sal ek sê tussen twee- en driehonderd.

Was daar enige bevele uitgevaardig deur die plaaslike landdros met betrekking tot die hou van hierdie begrafnis? — Daar was wel beperkings op die begrafnis geplaas.

Weet u watter beperkings? — Ek is nie bewus van al die beperkings nie. Van sekeres dra ek wel kennis, onder andere dat die stoet per voertuig na die begraafplaas moes beweeg.

... / HOF

HOF : Met ander woorde die mense mag nie te voet loop nie? -- Mag nie te voet loop nie. Asook dat daar nie baniere vertoon mag word nie.

MNR. PICK : Is daar nog ander wat u kan onthou? -- Nie wat ek kan onthou nie.

Toe u nou sien die mense loop te voet en hulle dra baniere, het u opgetree? -- Ons het glad nie opgetree nie.

Die persoon is toe begrawe? -- Dit is korrek.

Wat het toe gebeur? -- Na afloop van die begrafnisdiens by die begraafplaas het die stoet in die teenoorgestelde rigting wegbeweeg vanaf die begraafplaas. Nadat hulle die begraafplaas verlaat het en die Swartwoonbuurt genader het, die huise in die Swartwoonbuurt genader het, het 'n groep van ongeveer honderd skielik begin hardloop in die rigting van Raglanweg. Dit is die nasionale pad tussen Grahamstad en Oos-Londen. Die oorgrote meerderheid van die skare het die honderd gevolg deur ook te hardloop.

HOF : Agter die honderd aan of in 'n ander rigting? -- In dieselfde rigting. Ek het my observasiepos verlaat en my gehaas na Raglanweg. Met my aankoms daar het ons 'n padblokkade opgestel om voertuie te verhinder om deur die Swartwoonbuurt te ry, aangesien Raglanweg deur die Swartwoonbuurt loop. Op pad na die posisie waar ons die padblokkade opgestel het, het daar 'n Mercedes trok by ons verbygekom waarvan die windskerm uitgegooi was.

MNR. PICK : Op watter pad het hierdie Mercedes trok gery? -- In Raglanweg.

Uit watter rigting het hy gekom? -- Vanaf Oos-Londen na Grahamstad..

Gaan voort? -- Ons het vir ongeveer tien minute voertuie by hierdie punt blokkeer, waarna ek deurgery het by Raglanweg

en by majoor Mouton, die distrikskommandant, gerapporteer het. Hy het my opdrag gegee om voort te gaan met die padblokkade, waarna ek terug is na die padblokkade. 'n Rukkie later het ek rookwolke sien opstyg op die hoek van Raglan- en Albertweg. Ek het gaan ondersoek instel en vasgestel dat 'n biersaal aan die brand is.

Die biersaal is langs Raglanweg? — Langs Raglanweg, op
K336 die hoek van Raglan- en Albertweg. Ons het versterkings ontbied en met hulle aankoms 'n rukkie daarna het ek teruggekeer na die padblokkade.

Wat was aan die gang in Raglanweg toe u daar gery het? — Toe ek deur Raglanweg gery het, was daar niks meer aan die gang nie. Die pad was net besaai met klippe en waar ons by die biersaal gestaan het en wag het vir versterkings, was daar ook klippe na ons voertuie gegooi in ons rigting.

Toe die persoon begrawe was en die stoet begin wegbeweeg het, het hulle stil en rustig gestap of was daar nog steeds slagspreuke geskreeu met gebalde vuiste of wat is die posisie? — Na afloop van die begrafnis het hulle stil weggestap tot ongeveer waar die eerste huise begin.

HOF : Hoe ver is dit? — Ek skat 250 meter.

Vanaf die begraafplaas? — Vanaf die begraafplaas, ja.

MNR. FICK : U sê hulle het tot daar stil gestap en toe? — Daarna het hulle begin hardloop.

HOF : Was daar iets wat die hardlopery veroorsaak het? Is hulle gejaag of so? — Geensins. Dit het spontaan begin.

MNR. FICK : Toe die groep begin hardloop, was daar op daardie stadium enige verdere geskreeu of gesing of was dit steeds stil? — Nee, daar was geskreeu.

Weet u wat hulle geskreeu het? — Nee. Hulle het in die teenoorgestelde rigting vanwaar ons gestaan het gehardloop.

... / Die

Die persone wat u gesien het met die COSAS en UDF T-hempies, het hulle deelgeneem aan hierdie hardlopery of het hulle eenkant gebly? — Nee, die eerste groep wat weggehardloop het, was die oorgrote meerderheid persone wat die T-hempies gedra het.

HOF : Dit is nou van die honderd? — Van die honderd.

MNR. FICK : Net volledigheidshalwe, behalwe die biersaal wat die dag beskadig is, is daar verdere voorvalle wat plaasgevind het ten opsigte van brandstigting, klipgooiery? — Die betrokke dag was die biersaal afgebrand asook die aand is daar 'n Metodiste Kerk afgebrand. Daar was ook verskeie voertuie met klippe beskadig, as gevolg van klipgooiery in Raglanweg.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

K337 JOHANNES HENDRIK BOSCH, nog onder eed

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS : Majoor Bosch, was u in bevel van die polisie wat in die woonplek was op daardie dag of was dit iemand anders? — Majoor Mouton, die distrikskommandant, was in bevel.

Was u in bevel van 'n deel van die polisie op 'n sekere plek of was u saam met die majoor? — Nee, ek was nie in bevel nie. Ek was net gepos om observasiedienste te verrig.

Langs die majoor of was u 'n afstand van hom af weg? — Ek was 'n geruime afstand weg van die majoor af.

Was u op 'n koppie wat uitsig gee aan die begraafplaas? — Dit is korrek.

My instructions is that it is a ridge. I suppose a koppie is correct.

HOF : Is dit 'n koppie of 'n rantjie? — Dit is 'n rantjie.

MNR. BIZOS : Hoe ver is die rantjie waar u gestaan het van die begraafplaas af? — Ek sal skat dit is tussen drie-

... / en

en vierhonderd meter.

En wat was die naaste plek waarop die mense wat op pad na die begraafplaas geloop het, van u af was? — Ek het nie die heeltyd staties gestaan op die presiese plek nie. Die naaste wat ek aan die prosessie gekom het, was ongeveer honderd-en-vyftig meter.

U het alreeds vir ons gesê u is nie aan die veiligheids-polisie verbonde nie? — Dit is korrek.

U het vir ons gesê daar was 'n aantal baniere. Sal u asseblief vir ons sê wat se soort ander baniere daar was op hierdie dag? — Die baniere wat ek gesien het, was net die wat ek beskryf het, naamlik UDF en COSAS. UDF Unites.

HOF : Kan ek net duidelikheid kry. Was daar drie soorte Unites, COSAS en UDF of was daar net twee soorte? — UDF Unites en COSAS.

MNR. BIZOS : Was daar enige ander baniere wat u gesien het? — Die baniere wat ek gesien het, ek glo nie dit was meer as ses nie, het daardie bewoording opgehad. Daar was nie ander baniere met ander bewoording op nie.

Van ander organisasies? — Daar was nie.

U getuienis voor Sy Edele nou is dat daar net vyf of ses baniere was en hulle was òf UDF òf COSAS en van geen ander organisasie nie, nè? — Dit is korrek, dié wat ek gesien het.

Wat van T-hemde? Was daar net UDF hemde en COSAS hemde? — Dit is al wat ek gesien het.

En geen hemde van enige ander organisasie nie? — Nie wat ek gesien het nie.

Seer sekerlik - het dit geblyk dat die voorbokke, as ek die uitdrukking mag gebruik, die COSAS en die UDF mense was? — Ek het in my hoofgetuienis getuig dat met die weghardloop was die oorgrote meerderheid van die honderd persone wat UDF

... / en

en COSAS T-hemde gedra het.

Voor ons daarby kom, was die kis gedra deur mense wat UDF en COSAS hemde aangehad het? — Ek het dit nie getuig nie. Ek kan nie sê wie het die kis gedra nie.

U het nie enige T-hempies van enige ander organisasies daar opgemerk nie? — Dit is korrek.

Alhoewel u nie aan die veiligheidspolisie verbonde is nie, het u ooit van AZAPO gehoor? — Ek het daarvan in die koerante gelees. Ek het die afkorting al in die koerante gesien.

U het geen T-hempies daar gesien waar AZAPO op geskryf was nie? — Ek het dit nie gesien nie.

Ook nie enige T-hemde van AZASM nie? — Geen.

Kan u onthou of daar enige baniere of vlag of enigiets anders, enige ander materiaal op die kis was of nie? — Ek het gesê ek kon nie sien wie die kis gedra het nie. Die kis was omring deur persone.

HOF : Was daar 'n doek, lap, vlag of materiaal gedrapeer oor die kis? — Ek kon nie sien nie.

MNR. BIZOS : U sien, ek wil dit aan u stel dat een van die ongelukkige omstandighede van die begrafnis was dat AZAPO en AZASM dit oorgeneem het en hulle het die UDF en COSAS belet om enige baniere en/of enige ander amptelike teenwoordigheid daar te hê. Wat sê u van daardie stelling? — Ek dra nie daarvan kennis nie.

As ek aan u stel dat dit duidelik was dat dit 'n begrafnis was wat deur AZAPO en AZASM gehou was, sal u in staat wees om dit te erken of te ontken? — Ek sal nie in staat wees nie. Ek dra nie kennis daarvan nie.

Wanneer is u vir die heel eerste keer gevra om 'n skriftelike verklaring in verband met dié saak te maak? — Ek het 'n verslag die Maandag na die begrafnis opgestel.

... / Maar

Maar wat van 'n verklaring in verband met die saak, u getuienis wat u in hierdie hof gegee het? — Ek het 'n verklaring- dit was in verlede jaar, 1985. Ek kan nie die presiese datum onthou nie.

Hoe lank voor die einde van die jaar? — Dit is moeilik om te skat. Ek sal sê 'n maand.

November of Desember 1985? — Dit is korrek.

Het u na die verslag gegaan wat u gemaak het? — Ek het.

Voor u hierdie verklaring gemaak het? — Ek het my verslag nagegaan.

Was daar verwysing na die UDF baniere en die UDF hemde in die verslag? — Daar was.

Soos u in u getuienis nou gegee het? — Dit is korrek.

Ek wil ook aan u stel as daar miskien enige UDF hemde daar was, sou daar baie, baie min gewees het, as gevolg van die oorneem - die woord wat deur die mense daar gebruik was, "hijacking" van die begrafnis. Wat sê u daarvan? — Ek is nie bewus van enige oorname nie. Ek het getuig dat ek skat ek plus-minus twee- tot driehonderd van die T-hempies opgemerk het.

Ek wil aan u stel dat eers in die video's wat voor die Hof geplaas is by verskillende plekke die persentasie van UDF T-hemde baie, baie kleiner is by plekke soos Johannesburg en Alexandra en ander plekke en dit kon nie soveel gewees het by hierdie begrafnis nie.— Dit is alegs 'n skatting tussen twee- en driehonderd.

HOF : Ek wil dit net op rekord stel dat beskuldigde nr. 10 terug is.

MNR. BIZOS : En ek wil aan u stel dat gedurende die tydperk November 1984 die getuienis sal wees dat daar baie,baie min T-hemde van die UDF in Grahamstad was en daar kon nie die

... / getal

getal T-hemde daar gewees het waarvan u praat nie? — Dit is 'n bekende feit dat tydens sodanige begrafnisse daar mense van ander dorpe die begrafnisse bywoon. Ek kan nie getuig oor of daar soveel kon gewees het nie. Ek sê net van die getal wat ek plus-minus waargeneem het.

In u hoofgetuienis het u gesê dat wat op die baniere was, was die volgende UDF en u het bygevoeg COSAS Unites. Is dit wat daar was? — Ek het gesê COSAS en UDF Unites.

Was hierdie woorde op al die baniere? — Dit was op die vyf, ses baniere wat ek gesien het.

En as daar AZAPO of AZASM baniere was, sou u seer sekerlik deur die verkyker hulle gesien het? — As dit daar was, sou ek dit gesien het, as dit vertoon was daar.

Is u in staat om te erken of te ontken dat 'n groot AZAPO banier oor die kis gedrapeer was? — Ek sal dit nie betwis nie.

Dra u enige persoonlike kennis van die omstandighede van die dood van die oorledene, die Patrick Ndyogolo? — Al kennis wat ek daarvan dra is dat ek weet hy is tydens 'n polisie-optrede gedood. Die omstandighede waaronder is nie aan my bekend nie.

Dra u kennis van die feit dat hy deur die polisie agter die kop geskiet is met 'n rubberkoeël wat sy dood veroorsaak het? — Ek het reeds gesê as gevolg van 'n polisie-optrede. Die omstandighede weet ek nie presies nie.

Het u geweet dat hy in St. 6 was en dat hy 'n baie talentvolle jong seun was wat die eerste prys gekry het by die 1820 Setlaars se Monument vir een of ander soort singery? — Nee, ek dra nie kennis daarvan nie.

HOF : Dit is 'n pryslied, maar pryssang sou 'n mens dit miskien kon noem. In elk geval, u weet nie? — Ek dra nie kennis

... / daarvan

daarvan nie.

MNR. BIZOS : Het u geweet dat sy dood as 'n tragiese dood beskou word deur die gemeenskap waarin hy gebly het? -- Ek dra nie daarvan kennis nie.

Weet u hoeveel groepe polisiemanne daar was in die woongebied op die betrokke dag? — Nee, ek dra nie kennis van die hoeveelheid polisiemanne n ie. Ek weet daar was 'n aansienlike hoeveelheid.

Dra u kennis dat voor die oorledene begrawe was, traanrook gebruik was teen die agterkant van die groot aantal mense wat op pad was na die begraafplaas toe? — Nee, ek dra nie daarvan kennis nie.

En is u nie in staat om dit òf te erken òf te ontken nie? — Ek het dit nie waargeneem nie.

En as dit so was, is u nie in staat om te sê wat die gevolg van daardie optrede was nie? — Ek kan net meld dat van my observasiepos af, dit hang af waar die traangas gebruik sou gewees het, sou ek dit kon waargeneem het. Daar was sekere dele van die stoet wat ek wel kon sien.

Ek vertaal van die Engels af, dat dit aan die stertend, "tail end" was?

HOF : Die agterhoede van die stoet? — Nee, afhangende van waar hulle was, kon ek dit waargeneem het. Daar was sekere dele waar ek dit nie sou sien nie, waar ek nie die stert sou kon waarneem nie, waar my uitsig versper was deur huise. Indien hulle verder beweeg het, kon ek wel die stertkant sien. So, ek weet nie waar die optrede sou plaasgevind het nie.

Ek het opgemerk dat daar blykbaar 'n oop stuk grond is van omtrent 250 meter tussen die begraafplaas en die woonbuurt? — Dit is aan die teenoorgestelde kant van waar hulle inbeweeg het.

... / MNR. BIZOS

MNR. BIZOS : Het mense by die begraafplaas die vergadering of die mense daar toegespreek? — Daar was wel gepraat by die begraafplaas self.

Hoeveel mense het daar gepraat? -- Ek kan nie die getal onthou nie, maar dit het ongeveer 'n uur geduur. Daar was nie veel sprekers nie.

Kan u onthou of een of ander van die sprekers 'n T-hemp aangehad het? — Die sprekers was omring deur 'n skare mense. Ek kon nie die sprekers waarneem nie.

Kan u onthou of na die oorledene begrawe was daar enige traanrook gebruik is soos die mense die woonbuurt genader het? — Die enigste traanrook wat ek die betrokke dag gesien het, was nadat die biersaal alreeds aan die brand was en dit was in Albertweg.

Hoe laat was dit? — Dit was na 14h00 die middag.

Het u opgemerk of soos die mense weg van die begraafplaas gegaan het kort na 13h30, die jongmense van die ouer mense begin geskei geraak het? — Wat ek wel opgemerk het, is, die oorgrote meerderheid van die stoet het die begraafplaas verlaat aan die teenoorgestelde kant vanwaar hulle ingekom het. Daar het kleiner groepies wel aan die teenoorgestelde rigting die begraafplaas verlaat.

Het u opgemerk of daar toe die groepe in verskillende rigtings begin beweeg het, groepe van die polisie wat op die rantjie was, met hulle voertuie na verskillende rigtings gery het in die rigting van die mense wat besig was om terug te stap huis toe? — Toe ek die perseel verlaat het of my observasiepunt verlaat het, was al die ander observasievoertuie nog staties.

Soos hulle in die rigting van die groepe gery het, daar traanrook gebruik was teen die groepe? — Ek het reeds

... / getuig

getuig die eerste traanrook wat ek gesien het, was in Albertweg, plus-minus twee kilometer weg vanaf die begraafplaas.

En dat binne 'n paar minute van die begin van die beweging van die polisievoertuie, rubberkoeëls en donshael deur die polisie gebruik is? — Ek het dit nie opgemerk nie.

En op daardie stadium 'n aantal jongmense in Raglanweg klippe opgetel het en begin het om die polisie met klippe te gooi? — Raglanweg is nie sigbaar van my observasiepos af nie. Ek het my pos verlaat nadat die mense begin hardloop het en gery na Raglanweg. Dit het my 'n rukkie geneem voordat ek daar uitgekom het. Ek het nie mense sien klippe optel op daardie stadium nie.

En daarna ongeveer 13h45 is sekere voertuie met klippe aangeval? — Ek het een voertuig gesien deur ry, dit is 'n Mercedes Benz trok.

U self kan nie sê wat onmiddellik voor 14h00 gebeur het toe die biersaal en/of die kerk of ander eiendom beskadig is nie? — Nee.

En u is nie in staat om aan die Hof te sê hoe die verskillende groepe polisiemanne in die woonbuurt opgetree het voor hierdie eiendom beskadig was nie? — Nee. Ek het slegs een optrede waargeneem en dit is in Albertweg nadat die biersaal aan die brand geraak het.

Is daar enige ander slagspreuke wat u gehoor het dwarsdeur die geleentheid wat u die begrafnis dopgehou het? — Ek het net die drie gehoor. Daar was gesing. Ek kon nie die woorde uitmaak wat gesing was nie.

En sê u dat die hele skare het die slagspreuke geskreeu? — Ek weet nie of daar van hulle is wat stilgebly het nie, maar die oorgrote meerderheid het geskreeu.

Ek wil aan u stel dat hoewel miskien AZAPO en/of AZASM

... / "Viva

"Viva Mandela" sou geskreeu het, die meerderheid van die skare nooit "Viva UDF" en "Viva COSAS" geskreeu het nie, omdat AZAPO en AZASM die begrafnis oorgeneem het? — Ek dra nie daarvan kennis nie. Ek het slegs die slagspreke gehoor wat ek reeds oor getuig het.

En u het nooit gehoor "Viva AZAPO" of "Viva AZASM" nie? — Ek het dit nie gehoor nie.

En as dit geskreeu was, moes u dit seer sekerlik gehoor het? — Dit hang af in watter rigting dit geskreeu is. As dit weg van my af geskreeu was, sou ek dit heel waarskynlik nie kon hoor nie.

Maar in elk geval, u ore sou nie selektief gewees het as albei slagspreuke geskreeu was nie? — Positief.

Dra u nie kennis van die feit dat 'n deel van die ongelukkige geweld wat daar in die Oos-Kaap plaasgevind het gedurende die einde 1984 en gedurende 1985 veroorsaak was deur die geskille tussen groepe wat gesê het die een was vir die UDF en die ander een was vir AZAPO nie? — Ek dra nie kennis daarvan nie.

Dit volg ook dat u geen kennis dra van die feit dat die leiers van albei organisasies beroepe gedoen het dat die geweld nie moet voortgaan nie? — Ek dra nie persoonlik kennis daarvan nie.

En ek wil aan u stel dat die rede waarom mense begin weghardloop het, was omdat traanrook gebruik was en nie vir enige ander rede nie? — Die mense het reeds begin hardloop toe ek nog op my observasiepos was en toe ek observasie daar verrig het, was daar geen optrede van polisiekant af nie.

En dat u getuienis dat die voorbokke mense met UDF hemde was, onwaar is? — Dit is die waarheid.

Dra u kennis van die feit dat die leiers van COSAS in

... / die

die Oos-Kaap van tyd tot tyd gedurende 1984 hulle openbare verklarings gemaak het dat hulle hulle nie self vereenselwig met enige geweld wat in die Oos-Kaap uitgebreek het nie? — Ek dra nie kennis daarvan nie.

Dra u kennis of daar enige verklaring amper onmiddellik na die begrafnis gemaak was deur COSAS? — Ek dra nie kennis nie.

In verband met die geweld wat daar in Grahamstad plaasgevind het? — Nee.

HERONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : Soos u die groep nou daar dopgehou het, die prosessie soos hulle daar gestap het, het hulle vir u voorgekom soos mense wat verenig is of het dit vir u gelyk of daar 'n klomp is wat staan en twis en stry onder die groep wat nou daar loop? — Daar was geen gestry of getwis onder mekaar nie.

Was daar enige onderlinge bakleiery? — Geen wat ek waargeneem het nie.

Traanrook wat gegooi word, bly dit op een plek, trek dit in die lug op, is dit gewone rook of wat is die posisie? — Dit trek in die lug op en die wind waai dit in 'n rigting.

As daar agter huise traanrook gegooi is, sou u dit gesien het as die traanrook die lug intrek? — Korrek.

Die slagspreuke wat My Geleerde Vriend vir u oor gevra het, het u gesê die oorgrote meerderheid het geskreeu. Kan u aandui wat was die houding van die mense met die UDF en COSAS T-hempies met betrekking tot die slagspreuke? — Hulle het almal saam geskreeu.

HOF : U sê dat die polisie het op die rantjies observasie gehou? — Ja, daar was verskillende observasieposte. Aan my linkerkant was daar 'n hoë rantjie waar daar ook polisievoertuie was wat observasie verrig het.

... / A1

Al die polisie wat opgetree het teen die skare later, was hulle van die rantjie afkomstig of waardaar ook nog polisie in die woonbuurt waar daar later opgetree is teen die skare? — Nee, al die polisiemanne was gekonsentreerd om die begraafplaas tot na afloop van die begrafnis.

Kon u almal sien? — Ek kon almal waarneem tot na afloop van die begrafnis, ja. Tot ek my pos verlaat het.

Is u die eerste wat u pos verlaat het? — Ek is die eerste wat my pos verlaat het.

En u het direk gery na die punt of Raglanstraat waar u die Mercedes opgemerk het met die stukkende ruit? — Dit is reg, ja.

HER-KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS : U het gesê daar was polisie 'n afstand van u af op 'n hoër vlak van die rantjie? — Dit is korrek.

Hoe ver van u af? — Ek skat vyf- na seshonderd meter. Dit is nou soos die kraai vlieg, nie padlangs nie.

Was hulle aan u sigbaar of nie? — Hulle was duidelik aan my sigbaar.

Het een of ander van hulle amper saam met u weggery of baie kort daarna? — Nee, ek kan nie sê nie, want ek het in die teenoorgestelde gery as vanwaar hulle geparkeer was. Met die gevolg is ek het nie gesien wanneer hulle gery het nie.

GEEN VERDERE VRAE.

- - - - - - - - - -

MR BIZOS : Will Your Lordship now receive AAS(7) signed by all the accused. It would have spoiled the document if we incorporated the admission in relation to EXHIBIT 30. I do not know how Your Lordship wants is, if Your Lordship wants to make a note of it.

COURT : I have made a note in any event. So, should there

... / be

be any further admissions typed in future, we can incorporate it in those admissions.

PETER JAMES MEISTRE, v.o.e.

ONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : U is 'n kaptein in die Suid-Afrikaanse Polisie en u is gestasioneer te Grahamstad? -- Dit is korrek.

U is verbonde aan die veiligheidstak? -- Dit is korrek. Ek is takbevelvoerder.

U is bewus daarvan UDF in 1983 geloods is, gestig is? -- Ek is bewus daarvan.

Is u bewus van die bestaan van organisasies daar in Grahamstad? -- Daar is organisasies wat geaffilieer is aan die UDF.

Kan u hulle aan die Hof opnoem? -- NUSAS, National Union of South African Students; ons het Black Students Movement, bekend as BSM; ons het die Grahamstown Civic Association, bekend as GRACA; die verbode Congress of South African Students, COSAS; South African Allied Workers Union, bekend as SAAWU; Grahamstown Committee of Democrats, bekend as GCD.

U het in die loop van 1984/85 in besit gekom van sekere dokumente? -- Dit is korrek.

Ek wil graag aan u eerstens 'n dokument toon. Dit is BEWYSSTUK AD(20).

HOF : Dit is 'n bestaande bewysstuk?

MNR. FICK : Dit is 'n bestaande bewysstuk. Ken u daardie dokument? -- Ek ken die dokument.

Wat kan u vir die Hof van daardie dokument sê? -- Hierdie dokument was versprei tydens die grondwetlike bedelingsverkiesing. Dit was gedurende Augustus 1984. Hy was versprei in die Swartwoonbuurt van Grahamstad asook in die Blanke-

... / woonbuurt

woonbuurt en dorp asook op die kampus van die Universiteit Rhodes.

Dan wil ek aan u 'n volgende dokument toon.

HOF : Het u 'n datum omtrent wanneer dit versprei is? — Dit was gedurende Augustus 1984. Dit was net voor die verkiesing van die nuwe grondwetlike bedeling.

MNR. FICK : Ek wil aan u 'n dokument toon getiteld "The young leader". Dit is gemerk W(33). Ek wil net sê hierdie is 'n identiese dokument, maar dit is nie veronderstel om W(33) self te wees nie.

HOF : Kan ons net duidelikheid kry nou. Die dokument wat die getuie daar het, is dit identies aan W(33) wat ons hier voor ons het in die bundel?

MNR. FICK : Dit is korrek.

HOF : Dit bestaan uit twee kante van een dokument? — Dit is korrek.

Vier bladsye, twee blaaie? — Dit is korrek.

MNR. FICK : Wat kan u vir die Hof van hierdie dokument sê? — Hierdie dokument was selektief versprei op die Universiteit van Rhodes gedurende dieselfde tydperk as die vorige dokument wat ingehandig is.

HOF : In Augustus 1984? — Dit is korrek.

MNR. FICK : Ek wil u dan 'n volgende dokument toon. Dit is AM(39). Ek wil net meld daar is 'n vertaling by. My Geleerde Vriend en ek kan ook nie oor die vertaling ooreenkom nie. Hy sê hulle sal dit uitsorteer en vir u 'n vertaling waarop ons ooreenkom laat bekom.

HOF : Staan daar bo aan die dokument "Irene council Ibokhile Niholo Zulunthu"? — Dit is korrek.

MNR. FICK : Wat kan u vir die Hof van hierdie dokument vertel? — Hierdie dokument was uitgegee deur die Grahamstown

... / Civic

Civic Association, GRACA. Ek is nie seker wanneer hy versprei was nie, maar dit was in die Swartwoonbuurt van Grahamstad versprei gedurende 1984.

HOF : As u nou praat van Swartwoonbuurt, ek weet van twee Swartwoonbuurtes in Grahamstad. Is dit albei of het een? — Twee is aanmekaar. Dan is daar een wat die hoofstraat skei. Daar is eintlik drie Swartwoonbuurtes. Die een is Fingu Village, die ander een is Tantyi en die een is Joza, ook bekend as Kings Flats. Hy het omtrent twee of drie name. Hierdie dokument was in al drie - as ons sê Swartwoonbuurt, dan bedoel ons al drie.

Dan bedoel u almal? — Dit is korrek.

MR BIZOS : I cannot understand without any substratum of evidence what this witness means by saying "Dit is versprei." Is he purporting to speak of his personal knowledge, because our information is somewhat different and I do not know whether My Learned Friend wants the cross-examination to take place or - if the State wants an admission that these came to the possession of the police, then obviously it will be made, but this witness says it was "versprei" at the university. If we were given the assurance that this witness was at the university and saw it being distributed, by all means, but our information is that this is not the case and I stand to object at this stage or rather to draw attention to the fact that although the evidence is admissible when it is said "Dit is versprei by al drie woonbuurtes". If he has personal knowledge, well, let us hear about it now. Let us have some substratum of admissibility of the evidence that he is giving.

MNR. FICK : Ek sou daarby gekom het as die dokumente reeds almal behandel is.

HOF : Sal u daarby kom môre-oggend? Ons is al heelwat oor

... / ons

ons tyd.

MNR. FICK : Soos dit u behaag.

HOF : Laat ons net hierdie dokument afhandel. Is u klaar met AM(39)?

MNR. FICK : Dit is korrek.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG TOT 12 JUNIE 1986.

K338 HOF HERVAT OP 12 JUNIE 1986.

PETER JAMES MEISTRE, v.o.e.

HOF : Net voordat ons begin. Mnr. Bizos en mnr. Fick, ek het nou gister opgemerk dat daar 'n debat is oor die vertaling van BEWYSSTUK AM(39). Ek het ook opgemerk dat BEWYSSTUK AM(39) is een van die dokumente wat erken is in die sin dat dit erken is dat dit op 'n plek gevind is. Is daar dan nou deurgaans onsekerheid oor al die vertalings van al die dokumente wat erken is of bewys is? Ek moet sekerheid hê oor die korrektheid van die vertalings op een of ander stadium. Dit kan nie in die lug gelaat word nie. Dan moet u vir die Staat sê hulle moet dit bewys.

MR BIZOS : I do nnot think it will be necessary, because whenever our attention has been drawn to a particular document generally speaking agreement was reached.

COURT : The other documents may have sort of caught you by surprise, but this document AM(39) is a document which was admitted in the sense that it is already before court.

MR BIZOS : As Your Lordship may have noticed, I am not concerned personally with the documentation. I do not know how much attention - I cannot tell Your Lordship how much attention has been paid to this particular aspect. What I think the best would be is, certain in the documents that the State intends using, there has been a suggestion that we will get

... / some

some list on what documents they intend relying on of the mass that has been placed before Your Lordship and we will admit the correctness of the translation what has been placed before Your Lordship.

COURT : Well, at least those documents which are formally before court, have to be either admitted or debatted and proved, but I cannot leave it in the air, even if some of them the State does not now rely on, we may in a later court find that somebody wants to rely on them.

MR BIZOS : The accused have a copy of the documents. I will ask one of them to take charge of that task. So, that whenever there is a translation, we must either draw the State's attention to what we disagree with, but it will not present a problem. It will not have to be proved, but I will most certainly ask that that should be done.

ONDERVRAGING DEUR MNR. FICK (vervolg) : Kaptein, kan u vir die Hof sê, u het getuig dat u hierdie dokument, om nou 'n voorbeeld te neem, AD(20). U het ten aansien van hierdie dokument getuienis gelewer vanwaar hy gekry is. Kan u vir die Hof sê hoe u dit gekry het en waar dit gekry is?— Ek is nie bereid om vir die Hof te sê hoe die dokumente gevind is nie. Daar is verskeie redes hoekom ek die vraag nie kan beantwoord in die hof nie. Ten eerste, dit sal metodes van die polisie openbaar wat gebruik word om sekere ondersoeke te loods. As hierdie metodes ontbloot word, sal dit nie deur ons in die toekoms gebruik kan word nie. As ek verder uitbrei sal die identiteit van sekere persone geopenbaar word. Dit is veral persone wat skakeling het met die polisie of met die - wat die Staat goedgesind is. In die Oos-Kaap en veral Grahamstad heers onrus die laaste twee jaar sporadies. Halssnoermoorde op sekere persone is aan die orde van die dag.

... / As

As ek verder uitbrei sal hierdie mense se lewens in gevaar wees. My persoonlike mening is dat hulle definitief doodgemaak sal word. Dit is die rede hoekom ek sê ek nie bereid is om te sê in die hof hoe ek dit gevind het nie.

U het ook gister gepraat van verspreiding, die dokumente is versprei. Wat bedoel u met versprei? — Ek het bedoel dit is in daardie spesifieke gebiede gevind.

HOF : Maar nie deur uself nie? — Dit is korrek.

MNR. FICK : In verband met die vraag wat nou aan u gevra is, nie deur uself nie. Die dokumente wat gevind is deur ander persone, wat is hulle verhouding met betrekking tot u? Is dit persone wat informante is of ander tipe mense? — Dit is beriggewers van ons kantoor.

Die vind of die bring van die dokumente of die in besit kom van die dokumente deur u, geskied dit op 'n losse basis of tree hierdie informante op in u opdrag? — Hulle word opdrag gegee as daar 'n vergadering plaasvind, geslote vergaderings. As hy op 'n dokument afkom word hy versoek om die dokument aan ons te oorhandig.

Laat ons net meer duidelikheid kry in verband met die vergaderings wat u van praat. As hy soontoe gaan, het hy 'n algemene opdrag om dokumente te bring of word hy gestuur om dokumente te gaan haal spesifiek? — Hy word spesifiek opdrag gegee om dokumente te kry.

En dit is hoe van hierdie dokumente in u besit kom? — Dit is korrek.

Behalwe die metode van informante, gebruik u ook ander metodes? — Dit is korrek.

U is nie bereid om die Hof daaroor in te lig nie? — Ek is nie bereid nie.

MR BIZOS : With the greatest respect, I know of no basis on

... / the

the evidence before Your Lordship upon which a document becomes admissible.

COURT : Well, he merely says this is a document that came into my possession. Full stop. Where it came from we do not know. Who brought it we do not know. Whether it is an original or a fake, we do not know, but on that basis, why is it not admissible? If he had for example come and told the Court I walked in the street and I picked this document up, it would have been admissible. Now, he says well, I was in my office and someone gave me the document. Why is that not admissible?

MR BIZOS : That the document was picked up in the street in itself would present problems, although I am not unmindful of the fact that once or twice we have not objected in relation to these documents. The evidence thusfar given that they were distributed and the areas in which they were distributed ... (Court intervenes)

COURT : Well, that would seem to fall away, because there is no background of that.

MR BIZOS : I do not expect a ruling at this stage. If it is done on the basis that the witness says no more than that these documents came into his possession, then we can leave it until later.

COURT : At the moment that is all I seem to be able to get from his evidence. I cannot, on the basis of this evidence, find that the pamphlet was in fact distributed at Grahamstown University or anywhere else.

MR BIZOS : As long as that is clear.

COURT : Unless there is further evidence.

MR BIZOS : Note the objection and we can try and sort it out later.

MNR FICK : Ek wil aan die hand doen dat dit later uitsorteer

... / word

word in die lig van die bepalings van artikel 69(4) van die Veiligheidswet, wat sê dat byvoorbeeld 'n dokument soos BEWYSSTUK AD(20) wat uitgegee is deur 'n organisasie wat die Staat beweer dat van die beskuldigdes lede is, soos UDF, is prima facie toelaatbaar.

HOF : Ons kan dit later debatteer. Ek laat dit toe op die basis dat dit dokumente is wat in besit gekom het van die getuie in Grahamstad.

MNR. FICK : Ek wil dan ook die volgende dokument toon. Dit is BEWYSSTUK AM (40), volume 3. Ken u daardie dokument? (10) — Ja. Hierdie dokument was 'n program "Woensdag, 22 Augustus 1984." Die dokument was gevind op die kampus van die Universiteit van Rhodes, Grahamstad.

HOF : Nou moet u oppas, mnr. Fick. As die getuie hom self gevind het op die kampus van die Universiteit Grahamstad, kan hy dit kom sê. As hy dit gehoor het, moet u eers vir ons sê waarom die hoorsê toelaatbaar is.

MNR. FICK : Het u in besit gekom van daardie dokument? — Ek het in besit gekom.

Laat ons dit in die toekoms met betrekking tot die (20) volgende dokumente ook so maak. As u in besit gekom het van die dokument deurdat hy deur 'n ander persoon aan u gegee is, soos deur 'n informant of op 'n ander manier, moet u dit nie getuig nie, tensy u dit self gevind het op die betrokke plek, dan sê u "Ek het dit gevind daar." Verstaan u dit so? — Ek verstaan.

Hierdie dokument, dit het in u besit gekom? — Dit is korrek.

U het hom nie self gevind nie? — Nee.

Kan u net vir die Hof aandui, ek sien dit is 'n program (30) vir Woensdag, 22 Augustus en dit is 'n dokument uitgegee deur

... / BSM

BSM UNISAS. Kan u meer aandui in verband met hierdie program? Weet u wat se program is dit? — Dit was tydens die nuwe bedeling, grondwetlike bedelingverkiesing en daar was 'n boikot te Universiteit Rhodes en dit was 'n program wat hulle opgestel het as alternatiewe onderwys.

HOF : Was dit in 1983? — 1984.

Wanneer het dit in u besit gekom? Ongeveer gelyktydig met 22 Augustus, die datum wat hier op staan? — Op dieselfde datum.

MNR. FICK : Die res van die dokumente wat ek graag wil ophandig, het nie bewysstuknommers nie. Ek wil dit inhandig as die reeds AAY. Die eerste een sal wees AAY(1). Ken u hierdie dokument? Kan u dit net identifiseer? — Hierdie dokument was aan my oorhandig deur 'n beriggewer.

HOF : Mnr. Fick, by elke dokument wat ons inhandig, laat ons darem net 'n identifiserende aanhef op rekord plaas. Hierdie een is AAY(1) en dit het as opskrif "Anti-election boycott."

MNR. FICK : Kan u vir die Hof meer vertel in verband met hierdie dokument? Het dit iets te doen met die vorige dokument AM(40)? — Hulle loop saam. Dit is 'n program vir die 21ste Augustus. Dit staan ook in verband met die grondwetlike bedeling, die verkiesing en dit was 'n klasseboikot deur Universiteit Rhodes.

HOF : BSM is dit Black Students Movement? — Black Students Movement wat hom uitgegee het.

Is dit 'n organisasie wat by die Universiteit betrokke is? — Dit is korrek.

Deel van die studente? — Hy is 'n studente-organisasie, 'n Swartorganisasie.

MNR. FICK : As my geheue my reg bedien, is dit ook een van die

... / affiliale

affiliale van UDF? — Dit is 'n affiliaal van UDF.

Wanneer het u in besit gekom van hom? — Ek is nie seker van die datum nie, maar ek dink dit was die 21ste/22ste.

Dan toon ek aan u 'n volgende dokument AAY(2). Sy opskrif is identies aan die vorige een "Anti-election boycott", maar dit is in vet letters gedruk. Waarop het hierdie dokument betrekking?

HOF : Ja, hierdie is nie die program nie. Die program in die sin dat dit uiteensit wat gaan gebeur op daardie datum nie. Hierdie is 'n dokument wat uiteensit waarom die nuwe bedeling verwerp word "New deal rejected."

MNR. FICK : Daar is 'n beslissing van dat klasse geboikot moet word? — Dit is korrek. Dit is ook aan my oorhandig deur 'n beriggewer, hierdie dokument.

Wanneer het u in besit van hierdie dokument gekom? — Dit was binne 21/22 Augustus 1984.

Ek wil dan aan u 'n volgende dokument toon AAY(3). Hy het geen opskrif nie, behalwe dat dit skynbaar uitgereik is deur Marion Ramsdon, Association of Durban Democrats en daar is 'n wapen van UDF onder op die dokument. Hy is geadresseer aan "Dear Friend." Hierdie dokument, het u hom self gevind op 'n plek? — Hierdie dokument is ook aan my oorhandig deur 'n beriggewer en dit was ook voor die verkiesing. Ek is nie seker van die datum nie, maar dit was gedurende Augustus 1984.

Dan wil ek nog 'n dokument ophandig. Ons noem hom AAY(4). Dit is 'n dokument met die opskrif "Assessment and Planning UDF Eastern Cape 1984. Questions for discussion by Grahamstown ad hoc Committee." — Hierdie dokument was ook aan my oorhandig deur 'n beriggewer. Dit was omtrent September/Oktober 1984 wat ek in besit gekom het van hierdie dokument.

Dan wil ek aan u toon BEWYSSTUK AAY(5). Dit is 'n dokument,

/ ho

bo is "From ad hoc Committee Grahamstad. One million signature campaign"en die datum is 29 Mei 1984. Wat kan u die Hof in verband met hierdie dokument meedeel? — Hierdie dokument was ook aan my oorhandig deur 'n beriggewer. Dit was tussen die periode Mei/Junie 1984 wat ek hierdie dokument in my besit gekry het.

Ek wil ook aan u 'n volgende dokument toon. Dit bestaan uit drie bladsye. Dit is AAY(6). Die dokument is getiteld "Education Charter Campaign." Wat kan u vir die Hof omtrent hierdie dokument sê? Het u hom self gevind of nie? — Hierdie dokument is ook aan my oorhandig deur 'n beriggewer. Dit was aan die einde van September 1984 wat ek in besit gekom het van hierdie dokument.

Kan u vir die Hof iets sê in verband met daardie "Education Charter Campaign"? — Ons het die naweek van 29/30 September 1984 die loodsing van die Education Charter Campaign te Grahamstad gehad. Dit was die loodsing van die Oos-Kaap streek. Tydens hierdie naweek was daar 'n verkiesing van komitees en was daar ook "rallies" gehou te Grahamstad.

Ek wil aan u toon verder 'n dokument AAY(7) getiteld "Bafundi Manyanani" uitgereik deur COSAS. Is hierdie dokument deur u self gevind? — Hierdie dokument is deur 'n beriggewer ook aan my oorhandig. Ek is nie seker van die datum waarop ek in besit van hierdie dokument gekom het nie.

Kan u die jaar onthou? — Ek dink dit was die begin van 1984.

BEWYSSTUK AAY(8) wil ek aan u toon. Dit is 'n dokument getiteld "Sharpeville 1960." Het u hierdie dokument self gevind?— Hierdie dokument was ook deur 'n beriggewer aan my oorhandig. Dit was tydens Sharpeville herdenking, ongeveer 21 Maart 1984. Verskoning, dit was 1985.

... / Die

Die volgende dokument wat ek ophandig, AAY(9), is 'n dokument getiteld "Freedom songs" en hy is skynbaar uitgegee deur UDF. Hulle wapen verskyn op die dokument. Het u hierdie dokument self gevind of nie? — Hierdie dokument was aan my oorhandig deur 'n beriggewer. Dit was tydens die loodsing van die Education Charter Campaign oor die naweek van 29 en 30 Augustus 1984.

Ek wil dan vir u toon dokument AAY(10). Dit is 'n dokument getiteld "Song sheet" en onder staan "Printed by Eric."Malta House, Malta Road, Salt River." Wat kan u ons daarvan vertel? — Hierdie dokument was ook deur 'n beriggewer aan my oorhandig dieselfde tydperk as die vorige dokument.

HOF : Ook 29/30 Augustus 1984? — Dit is korrek.

MNR. FICK : Dan wil ek verder ophandig dokument AAY(11). Dit is 'n dokument getiteld "NUSAS Katberg Song sheet". — Hierdie dokument was ook aan my oorhandig deur 'n beriggewer. Dit was gedurende April 1985.

Ek wil nou nie heeltemal my onkunde uitstal nie, maar Katberg, waar is dit? — Katberg is geleë in die Siskei. Dit is 'n vakansie-oord en dit is 'n plek waar NUSAS gewoonlik hulle jaarlikse konferensies hou.

HOF : 'n Vakansie-oord of 'n vakansieskool of wat is dit? — Dit is 'n soort van 'n - daar is 'n hotel en dan is daar ook hutte, 'n vakansie-oord waar mense kan bly en oornag. Dit is 'n plek waar die studente elke jaar bymekaar kom vir konferensies en so aan.

MNR. FICK : Dan laastens wil ek u 'n dokument toon AAY(12) getiteld "Worker songs".— Hierdie dokument het ek ook van 'n beriggewer gekry. Dit was ook in die tydperk 29/30 Augustus 1984.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS : Kaptein Meistre, ek het

... / opgelet

opgelet dat u na die dokumente gekyk het om iets vas te stel. Dit het vir my geblyk dat u vir die datum gesoek het op die dokument.

HOF : Watter een verwys u na?

MNR. BIZOS : Wanneer u gevra was in verband met die datum het u na die dokument gekyk om vas te stel of daar 'n datum op die dokument was of nie? — Ek het min of meer 'n begrip wanneer 'n dokument versprei was, maar dit is baie moeilik om tot 'n spesifieke dag te bepaal.

Het u van enige datum gepraat voor u na die dokument gekyk het om te sien of daar op daardie dokument 'n datum voorkom of nie? — Ek het spesifiek gekyk na datums. Daar is datums waarna ek gekyk het.

En u het geen van My Geleerde Vriend se vrae in verband met die datum geantwoord sonder om deur die dokument te gaan om te sien of daar 'n datum op voorkom of nie? — Sekere dokumente het ek gekyk vir 'n datum. Ander dokumente dra ek redelik goed kennis van.

Het u vir dokument AAY(7) gekyk om te sien of daar enige datum daarop was voor u aan Sy Edele gesê het u kan nie sê wanneer die dokument deur u ontvang is nie? — Daar is geen datum op hierdie dokument nie. Ek is nie seker wanneer hy versprei was nie.

Die vraag wat ek aan u stel is, dat u het daardie dokument bestudeer terwyl u in die getuiebank was om te probeer vasstel of daar 'n datum op daardie dokument was of nie? — Voor ek in die hof gekom het, was ek al klaar bewus van hierdie dokument en ek ken hom redelik goed. Dit is 'n COSAS dokument.

Ek vra u nie in verband met die feit of dit 'n COSAS dokument is of nie, maar in verband met die datum of die maand waarop u dit gekry het? — Ek dink dit is logies, as ek kyk

... / na

na 'n dokument sal ek kyk of daar 'n datum op hom is. Dit is die logiese ding wat ek sal doen as ek gevra word oor 'n dokument. Daar is so baie dokumente wat in my besit gekom het.

Ek wil dit net vir u as 'n voorbeeld gee. Sal u asseblief na AAY(1) kyk - nee AAY(4). Sal u assblief na die oorspronklike kyk. U sal sien daar is in potlood geskryf "Gevind te Grahamstown CR72/03/85." -- Ja, ek sien dit daarso. Bo-aan die dokument staan Grahamstown CR dit is Crime Register 72, is die nommer van die kriminele saak, die maand is Maart en dit is 1985.

Is dit hierdie saak se nommer? -- Nee, dit het betrekking op 'n ander saak.

Maar as ons net die inskrywing lees,blyk dit asof dit in 1985 gevind was? -- Nee.

Wat beteken die inskrywing? -- Dit is die dossier, dit is die persoon wat die saak ondersoek het wat hierdie op die dokument geskryf het.

Die dokument wat ek aan u getoon het, is AAY(1). As u sê dat die dokumente versprei is, is dit duidelik van u eie getuienis dat u geen persoonlike kennis het of hulle wel versprei is of nie? -- Dit is korrek.

Wanneer en deur wie weet u ook nie? Uit u eie persoonlike kennis? -- Dit is korrek.

Die embleem van die UDF is dit iets wat deur die affiliale van die UDF gebruik is op hulle dokumente? -- Ek sal sê ek het dit al voorheen gesien.

En nie noodwendig die UDF self nie? -- Nee.

HERONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : Net op My Geleerde Vriend se vraag of die affiliale ook UDF embleme gebruik. Soos u dit opgemerk het, as dit deur die affiliale gebruik word, word dit alleen gebruik op 'n dokument of verskyn die UDF embleem

... / in

in so 'n geval saam met sy eie embleem op die dokument? — Gewoonlik as dit 'n areakomiteedokument is, soos byvoorbeeld by ons waar NUSAS, COSAS en AZASO betrokke is, sal hulle die UDF embleem gebruik waar die affiliale betrokke is.

Sonder hulle eie embleem? — Dit is korrek.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Kaptein, op AAY(1) bo-aan behalwe die CR nommer, is daar ook geskryf "Gevind te" en op my afskrif is daar nie 'n verdere woord onsyferbaar nie. — Ja. Die ondersoekbeampte in die saak het hierdie dokumente - toe ek my verklaring oorhandig het, het hy op elke dokument geskryf "Gevind te". Dit is vir sy eie gebruik.

Hy het ongelukkig nagelaat om te sê op watter datum dit gevind is, maar dit daar gelaat. Die datum waarop hierdie skrif op die dokument geskryf is "Gevind te Grahamstad", seker maar, is dit noodwendig dieselfde datum as die CR nommer se datum? — Nee.

Word 'n CR nommer toegeken wanneer daar 'n misdaad ondersoek register inskrywing gemaak word en die saak hof toe gaan? — Dit is korrek.

So, die dokument is blykbaar in 'n ander saak ook gebruik? — Dit is korrek.

GEEN VERDERE VRAE.

- - - - - - - - - - -

LOUIE WENTZEL, v.o.e.

ONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : U is 'n adjudant-offisier in die Suid-Afrikaanse Polisie en u is gestasioneer te Cradock? — Dit is korrek.

HOF : Gaan ons weg van Grahamstad af?

MNR. FICK : Ons gaan nou Cradock toe.

HOF : U moet ons darem net 'n reisplan gee, mnr. Fick.

MNR. FICK : U is bewus daarvan dat in Augustus 1983 die

... / United

United Democratic Front geloods is? — Dit is korrek.

U is verbonde aan die veiligheidstak? — Dit is korrek.

Gedurende Julie 1984 was een van u take om patrollering te doen in die Swartwoongebied by Cradock? — Dit is so.

HOF : Wat is die naam van die gebied? — Langelihle.

MNR. FICK : Wat was deel van u take met betrekking tot die patrollering van hierdie woongebied? — Ons was op die uitkyk gewees vir die verspreiding van pamflette, asook die aanbring van slagspreuke en plakkate.

Op 24 Julie 1984 het u so patrollie gery die oggend vroeg? — Dit is so.

En u het tydens daardie patrollering op plakkate en pamflette afgekom? — Dit is so.

Ek wil nou aan u dokumente toon. Ek toon aan u dokument AAY(13). Kan u hierdie dokument identifiseer? Die dokument se opskrif is "COSAS Says"? — Dit is een van die pamflette.

Waar het u hierdie pamflet gevind? — Hulle was versprei gewees in die strate, in die Swartwoongebied.

HOF : Laat ek nou net duidelikheid kry. Die dokument bestaan uit drie. Ongelukkig is by my die vertaling heel voor gesit. Die tweede dokument het "COSAS says" op en heel onder "BAch one, teach one" en die derde dokument lyk meer na 'n plakkaat as na 'n pamflet.

MNR. FICK : Dit is die agterkant van die dokument getiteld "COSAS says".

HOF : Laat ons dit dan op rekord plaas. "COSAS says"het dan as agterkant die gedeelte wat handgeskrewe is.

MNR. FICK : U sê dit was versprei. Wat bedoel u daarby? — Dit was 'n hele paar wat ons in die strate opgetel het op verskillende plekke.

Ek wil dan aan u 'n volgende dokument toon. Dit sal wees

AAY(14). Ons noem dit 'n plakkaat. Kan u hierdie dokument identifiseer? Op hom staan "COSAS says no to forced removals. We want houses." — Dit is korrek. Ek het hom ook gekry. Hy was vasgeplak gewees aan een van hierdie elektriese kragstasietjies wat in die woonbuurt is.

Dit is op dieselfde datum as wat u die ander pamflette gevind het? -- Dit is so.

Dan wil ek 'n dokument aan u toon AAY(15). Ek kan nie die oorspronklike uitspreek nie, maar op die vertaling staan daar "Comrades of Langelihle." Waar is hierdie een gevind? — Hierdie een was ook opgeplak ook in die Swartwoongebied by 'n stadion, by die muur van die Swartwoongebied.

HOF : Al die dokumente wat u vandag inhandig, is dit op die een dag gekry? — Nee.

Hierdie een is dit nog op dieselfde dag, 24 Julie? — Dit is so.

MNR. FICK : Ek wil dan aan u 'n dokument AAY(16) toon. Waar is dit gevind? — Hierdie een was ook opgeplak gewees ook aan hierdie klein substasietjies in die Swartwoongebied.

Ek wil u dan verder verwys na 10 Oktober 1984. Toe het u ook so patrollering gedoen van dieselfde woongebied? — Dit is korrek.

HOF : AAY(16) wat ons voor ons het in 'n afskrifvorm is heelwat verklein van die oorspronklike AAY(16) wat byna een en 'n half keer so groot is. Laat ons dit net eers op rekord plaas. En agter op AAY(16) staan "Saambou Nasionaal wens u 'n baie voorspoedige jaar toe."

MNR. FICK : Het u ook op dokumente afgekom? — Dit is korrek.

HOF : Weer in die Swartwoongebied? — Dit is korrek.

MNR. FICK : Ek toon u weer 'n dokument gemerk "Forward to the people SRC's," uitgereik deur AZASO. Dit sal AAY(17) wees.

Ken u hierdie dokument? — Ja. Ek het 'n paar van hulle ook versprei gekry in die Swartwoongebied, in die Langelihle Swartwoongebied.

As u sê versprei gekry, het hulle rondgelê in die pad of wat is die posisie? — Dit is korrek. Hulle het rondgelê in die strate. Soos ons so gery het, was hulle in die strate versprei gewees.

HOF : Wie is "The Nkuna family"?

MNR. FICK : Weet u enigiets van die inhoud van die pamflet af? — Nee.

Ek wil u vra in verband met 'n dokument getiteld "UDF One Million Signature Campaign - Make your mark against apartheid. Issued by UDF Khotso House." Ken u hierdie dokument?

HOF : Dit is 'n plakkaat. — Ja, ek ken hom.

MNR. FICK : Het u in besit gekom van hierdie dokument? — Dit is so.

Het u hom self gevind op 'n plek of is dit aan u oorhandig? — Ek het hom self gevind.

Waar was hy gevind? Dit sal AAY(18) wees.— Hy was ook in die Swartwoongebied.

HOF : Op daardie dag?

MNR. FICK : Was dit op dieselfde dag of op 'n ander geleentheid? — Nee, dit was dieselfde dag gewees, 10 Oktober.

Dan wil ek u neem na 20 Oktober 1984. Is u bewus daarvan dat ene Oscar Mpeta 'n vergadering daar kom toespreek het in die gemeenskapsaal by Langelihle? — Dit is korrek.

Ek toon u 'n plakkaat AAY(19). Die opskrif is "Cradora Oscar Mpeta will be speaker." Ken u hierdie plakkaat? — Dit is korrek. Hy was ook opgeplak gewees in die Swartwoongebied.

Het u hom daar verwyder? — Ek het hom daar verwyder.

Het u hom verwyder na die vergadering of voor die vergadering

... / dieselfde

dieselfde dag? — Dit was dieselfde dag gewees.

Op die agterkant is daar ook geskryf. Kan u dit net aan die Hof aandui. — Dit is korrek.

In watter taal is daar geskryf? — Xhoza.

U is Xhoza magtig? — Ek is.

Is dit basies dieselfde wat voor staan as wat agter in Xhoza staan? — Dit is so, ja.

Dit is ook maar 'n uitnodiging na dieselfde vergadering? — Dit is 'n uitnodiging na die vergadering, dat hulle na die vergadering moet kom.

HOF : Wat is die datum van die vergadering? — 20 Oktober 1984.

Behalwe dat agter op gesê word dat hy die nasionale president is van die UDF wat nie voor op gesê word nie? — Dit is korrek.

MNR. FICK : Behalwe die voorgaande dokumente het u ook op ander tipe plakkate en goed beslag gelê in 1984? — Ek het.

Ek wil u net na hierdie twee plakkate verwys. Die een is "Get out of our town, you oppressor De Beer " en "No talks with you because we do not recognise you De Beer."

HOF : Dit is op stukke karton geskryf wat blykbaar afgeskeur is van kartondose, Lion vuurhoutjiedose.

MNR. FICK : Ken u hierdie twee kartonne? — Dit is reg. Ek het hulle ook gevind waar hulle opgehang was in die Swartwoonbuurt.

Kan u aandui wanneer dit was? — Dit was gedurende die einde of die begin van 1984.

Kan u net aan die Hof aandui daardie betrokke tyd toe u hierdie plakkate gevind het, was daar enige sprake van 'n sekere De Beer wat daar sou gekom het? — Ja, dit is die Minister van Opleiding en Onderwys. Hy sou kom samesprekings voer het met die Langelihle Hoërskool.

... / Was

Was daar op daardie stadium enige probleem met die onderwys daar? — Dit was skoolboikotte gewees.

Weet u met wie hy die samesprekings kom voer het? — Hy het dit met sekere ouers kom samesprekings voer daarso.

Net volledigheidshalwe, was die samesprekings suksesvol gewees? Is die skoolboikotte toe beëindig? — Nee.

HOF : Was daar skoolboikotte? — Ja, hulle gaan skool toe en dan sit hulle in die klaskamers. Hulle het nie eintlik onderrig ontvang nie.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS : Mnr. Wentzel, het Cradock die voorreg gehad om die eerste plek te wees ongelukkig waar skoolboikotte begin het gedurende 1984? — Nee, ek sal nie sê dit was die eerste plek nie.

U kan nie sê nie? — Nee, ek kan nie dit sê nie.

Dra u kennis van die feit dat die hoof van een van die skole moeilikheid gehad het met die Departement? — Dit is so.

HOF : Wat bedoel u met moeilikheid gehad? Het hulle nie sy tjek betyds gestuur nie of wat? — Nee, hy was verplaas gewees vanaf Cradock na Graaff-Reinet.

MNR. BIZOS : Wat was sy naam? — Mathew Goniwe.

Kan u onthou wanneer hy verplaas was? — Nee, ek kan nie nou presies sê nie.

Of die jaar of die maand? — Nee, ek kan nie met sekerheid sê nie.

Stem u saam dat dit die probleem is waarmee die skoolboikotte in Cradock begin het? — Ja, dit was geopper gewees.

HOF : Hoekom is hy verplaas? — Nee, ek weet nie. Hy is deur die Departement verplaas.

U weet nie hoekom nie? — Nee, ek weet nie.

MNR. BIZOS : Is enige rede vir sy verplasing gegee? — Al wat ek gehoor het, is hulle het hom benodig op Graaff-Reinet

... / om

om by 'n sekere skool sekere vakke te gaan doseer. Dit is al wat ek van weet.

Dra u kennis of die gemeenskap waarin hy skool gehou het heeltemal teen die verplasing was? — Ja, dit is so.

MNR. BIZOS VRA VIR 'N KORT VERDAGING.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

LOUIE WENTZEL, nog onder eed

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS (vervolg) : Ek wil net 'n afskrif vir u wys van AAY(17). Het u net een van daardie dokumente gekry? — Nee, daar was 'n hele paar van hulle.

Wanneer sê u het u dit gevind? — Dit was hier in Oktober daar rond. Ek is nie presies seker van die datum nie.

Hoeveel het u gekry? — Ek neem aan dit was omtrent so twintig of daar rond van hulle.

Ek wil aan u stel dat dit 'n dokument van Pretoria is in verband met 'n begrafnis daar. — Dit is moontlik.

Was hulle in die pad of waar was hulle gewees? — Hulle was in die strate gewees.

Weggegooi? — Ja, wel, dit het daar in die straat gelê.

Op een plek? — Nee, nie op een plek nie.

Op hoeveel plekke? — Hierdie het ek gekry op twee verskillende plekke.

Hoeveel op elke plek? — Ek het nie getel nie, ek het dit net daar gevat en ek het hulle opgetel.

HERONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : Geen vrae.

GEEN VERDERE VRAE.

- - - - - - - - - -

MNR. FICK : Die Staat roep vir Marius Botha.

... / MARIUS

MARIUS BOTHA, v.o.e.

ONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : U is 'n sersant in die Suid-Afrikaanse Polisie en u is gestasioneer te Cradock? — Dit is korrek.

Is u in die veiligheidspolisie of in 'n ander tak? — Uniformtak.

U was op 'n Sondag vroeg in Februarie 1985 op diens in die Swartwoongebied hier ongeveer 16h00 die dag? — Dit is korrek.

Het u observasie gehou of wat was u mee besig? — Ons het observasie gehou en patrolliedienste verrig in die Swartwoongebied.

Wat het u gemerk? — Ek het op twee groepe mense afgekom wat baniere gedra het wat deur die strate gehardloop het.

Die twee groepe, het hulle in dieselfde straat gehardloop of was dit op verskillende plekke wat die twee groepe gehardloop het? — Nee, dit was op verskillende plekke gewees.

U sê hulle het baniere gedra? — Dit is korrek.

Die eerste groep, wat se baniere het hulle gedra? — Die eerste groep het net 'n wit lap gedra wat twee stokke aan die punte gehad het en daar het op gestaan COSAS.

Hoe groot was hierdie groep? — Dit het gewissel tussen honderd en tweehonderd mense.

Het hulle in stilte gehardloop? Het hulle geskreeu of wat het hulle gedoen? — Hulle het gesing en geskreeu.

Het u gesien waarheen is hierdie groep op pad? — Hulle was op pad na die gemeenskapsaal in die Swartwoongebied.

HOF : Het Cradock net een Swartwoongebied? — Dit is korrek.

MNR. FICK : Langelihle? — Dit is korrek.

U sê hulle het gesing en geskreeu. Kan u vir die Hof enige aanduiding gee, het u gehoor wat hulle geskreeu het? —

... / Nee

Nee.

Het hulle net na die saal toe gehardloop hierdie groep wat agter die banier van COSAS gehardloop het of wat het gebeur langs die pad? — Hulle het in die hoofstraat van die Swartwoongebied afgehardloop verby die polisiemanne se huise. Terwyl hulle verby die huise gegaan het, het ek 'n rapport ontvang dat hulle ... (Mnr. Fick kom tussenbei)

U het nie gaan kyk wat hulle maak nie? — Ja, hulle het gebel.

U het inligting gekry en u het toe gaan kyk? — Toe het ek gesien.

Wat het u gesien by die polisiemanne se huise? — Hulle het klippe gegooi uit die groep uit na die polisiehuise toe.

Het hulle daar gebly, is hulle verjaag, het hulle self weer aangehardloop? — Nee, dit was so in die verbygaan wat klippe gegooi het.

HOF : Het u dit gesien of het u dit nie gesien nie? — Ek het dit gesien.

MNR. FICK : Soos wat hulle verbygaan gooi hulle klippe na die polisiemanne se huise? — Dit is reg.

Op daardie stadium, het al die polisiemanne in dieselfde straat bymekaar gebly? — Ja, hulle het almal bymekaar gebly.

HOF : Bymekaar of langsmekaar? —

MNR. FICK : In verskillende huise in 'n groep bymekaar? — Ja, dit is 'n blok huise waar hulle almal saam gewoon het langs mekaar.

En die spul hardloop toe nou aan?na die gemeenskapsaal toe? — Dit is korrek.

Het u hulle verder agtervolg? — Ek het tot by hulle gery en toe gooi hulle na die patrolliewa ook met klippe.

En toe? — Ek het toe traangas afgevuur in die klomp in

... / en

en hulle is toe uitmekaar uit en ek is ook toe weg daar.

U sê u het die betrokke dag op twee groepe afgekom. Waar het u die ander groep gekry? In dieselfde Swartwoongebied? — In dieselfde Swartwoongebied.

HOF : Was dit gelyktydig of na mekaar wat u die groepe opgemerk het? — Nee, soos ek patrollie gery het, het ek een groep opgemerk in die een deel van die woongebied en toe ry ek verder aan, toe kry ek 'n ander groep.

So, dit is nou kort daarna wat u die tweede groep sien? — Ja.

In dieselfde patrollierit? — Dit is korrek.

MNR. FICK : Het u gesien of hierdie groep enige baniere of plakkate by hulle gehad het? — Hulle het ook 'n banier by hulle gehad.

K339 Kon u sien wat op die ding staan? — Op daardie banier het daar Cradora gestaan.

HOF : Waarvoor staan Cradora? — Cradock Residents Association.

MNR. FICK : Was dit 'n handgemaakte banier of was dit gedruk? — Ja, dit was dieselfde tipe banier as die eerste een.

'n Wit lap? — 'n Wit lap.

Hoe groot was hierdie groep? — Omtrent dieselfde as die ander groep. Ek skat tussen honderd en tweehonderd mense.

HOF : Was die groepe jeugdiges of ouer mense? — Dit was meestal jeugdiges gewees.

MNR. FICK : Het hulle in stilte gehardloop? — Nee, dit was presies dieselfde as die eerste groep. Hulle het ook gesing en geskreeu.

Kon u in hierdie geval hoor wat hulle skreeu? — Nee, ek kon nie.

Kon u sien waarheen is hierdie mense op pad? Het u hulle gevolg en gekyk waarheen gaan hulle? — Nee, ek het hulle

... / nie

nie gevolg nie. Hulle het net so tussen die strate op en af gehardloop, maar na 'n ruk het hulle bo by die gemeenskapsaal uitgekom. Ek het hulle nie gevolg nie.

Behalwe nou dat hulle deur die strate gehardloop en geskreeu en gesing het, het u gesien of daar enigiets gebeur het met betrekking tot hierdie groep? — Nee, glad nie.

Het u gesien of daar 'n vergadering in daardie gemeenskapsaal gehou was daardie dag, die middag? — Ek het gesien die mense gaan in die saal in.

HOF : Was hierdie hele gebeure die oggend of hoe laat was dit? — Nee, dit was ook die middag gewees.

Die twee groepe? — Dit is korrek.

MNR. FICK : Toe u die mense in die saal sien gaan het, was dit nadat u die twee groepe in die strate sien hardloop het? — Dit is korrek.

Het u enige van die baniere daar by die saal ooit weer gesien of het u later weer die baniere daardie dag gesien? — Die baniere was ook by die saal gewees voordat hulle ingegaan het. Hulle is met die baniere die saal binne.

Het u observasie gehou en gekyk wat daar aangaan in die saal of wat het u gemaak? — Nee, na die mense in die saal is, het ek voortgegaan met my dienste.

U weet nie hoe lank die vergadering aangehou het nie? U het hulle nie weer gesien uitkom nie? — Nee.

Het u u patrolliedienste beëindig voor die vergadering klaar was of voor die mense uitgekom het? Laat ek liewers so vra. — Nee, ek weet glad nie wanneer hulle uitgekom het nie.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

MARIUS BOTHA, nog onder eed

ONDERVRAGING DEUR MNR. FICK (vervolg) : Mnr. Botha, ek wil nou

... / met

met u gaan na 'n ander voorval op 'n ander datum. U is bewus daarvan dat daar 'n sekere konstabel Bomali in die Langelihle woongebied vermoor is in Februarie 1985? — Dit is korrek.

Dit was 2 Februarie? — Dit is korrek.

Die volgende dag, dis is 3 Februarie 1985, hoe was die toestand toe in die Swartwoongebied? Was dit rustig? Was daar probleme gewees? — Daar het orals op verskeie plekke in die lokasie onrus plaasgevind.

HOF : Bedoel u met onrus klipgooiery of hardlopery in die strate of brandstigting of wat bedoel u met onrus? — Klipgooiery en brandstigting.

MNR. FICK : Was daar spesifieke teikens wat u gesien het wat aangeval was of met klippe gegooi was of aan die brand gesteek was? — Die middag van die 3de het ek by 'n groep Swartes afgekom wat besig was om 'n motor aan die brand te steek.

Hoe groot groep was dit gewees? — So tussen twintig en dertig persone.

Die motor wat hulle besig was om aan die brand te steek, of wat hulle aan die brand gesteek het, waar was hy? Was hy in die pad gewees of op die erf of waar? — Nee, hy was in die pad in 'n straat.

In die Swartwoongebied? — In die Swartwoongebied.

Het u enigiets opgemerk aan die kleredrag van die persone? — Tussen die groep wasddaar persone wat die geel UDF hempies aangehad het.

Kan u 'n aanduiding gee van ongeveer hoeveel van hulle het u opgemerk? — Daar was net 'n paar, seker so vyf of ses van hulle.

Die betrokke dag van 3 Februarie 1985, kan u vir die Hof 'n aanduiding gee, weet u of daar spesifieke soort teikens uitgesonder was vir die aanvalle of groepe persone en mense

van sekere beroepe of is enige persoon se goed aangeval? — Daardie dag was dit opmerklik gewees dat dit net onderwysers was en inspekteurs, skoolinspekteurs se wonings en voertuie wat aangeval was.

U het dieselfde middag later in 'n ander straat beweeg en u het ook daar op 'n motor afgekom wat gebrand het? — Dit is korrek en die huis waar die motor was, was ook aan die brand gewees.

Het u enigiets opgemerk aan die huis terwyl dit aan die brand was? — Toe ek op die toneel kom, was die huis en die motor so te sê heeltemal uitgebrand al. Al wat opmerklik was was dat daar op die voorste muur met swart verf of iets swart geskryf UDF. Dit is die voorste muur van die huis.

Weet u wie se huis dit was? Was dit 'n onderwyser se huis? — Dit was 'n onderwyseres se huis gewees.

<u>KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS</u> : Kan u asseblief vir ons 'n datum gee in verband met die eerste voorval wat u beskryf het? — Nee, ek kan nie.

U het gesê op 'n Sondag in Februarie 1985. — Ja.

Was dit voor of na die tweede geleentheid wat u beskryf het? U het van twee geleenthede in u hoofgetuienis gepraat. Die eerste was van die twee groepies wat blykbaar die vergadering bygewoon het? — Dit is korrek.

Ons sal dit die eerste geleentheid noem. Die tweede is toe die huise van die onderwysers aangeval is en die motor gebrand is. Watter geleentheid het eers gebeur? Die eerste of die tweede? — Die moord het eers gebeur en die ander voorval het na die moord gebeur.

<u>HOF</u> : Dit wil sê die twee groepe wat hardloop in die straat is na die moord? — Dit is korrek.

<u>MNR. BIZOS</u> : In verband met die eerste geleentheid, dit wil

... / sê

sê die Saterdag en Sondag, 2 en 3 Februarie. kan u onthou of daar 'n groot byeenkoms sou wees van verskeie gemeenskapsorganisasies by die gemeenskapsaal? Dra u kennis daarvan? — Nee, ek dra geen kennis daarvan nie.

Dra u kennis van enige vergadering wat vroeg in Februarie moes plaasgevind het wat belet was? — Nee.

Dra u kennis of een of ander van die gemeenskapsorganisasies hof toe gegaan het sodat die verbod op die vergadering tersyde gestel moet word? -- Nee.

Dra u kennis van die feit - die moord was op die 3de, was dit nie? — Die 2de.

2 Februarie 1985. Dra u kennis van die feit dat daardie aansoek misluk het, van die hand gewys is? — Nee.

Ek weet nie of u daar was nie en ek weet nie wie u in die getuiebank sal opvolg nie, maar dra u kennis van die feit dat die berig dat die aansoek nie geslaag het nie, deur die polisie na die woonbuurt gebring is? — Nee, ek weet niks daarvan nie.

Dra u kennis van die feit dat verskeie polisiemanne en -voertuie deur die woongebied gery het en "Viva" geskreeu het?

HOF : Het die polisie "Viva" geskreeu?

MNR. BIZOS : Ja.

HOF : Weet u daarvan? — Nee, ek weet niks daarvan nie.

MNR. BIZOS : En dat hulle by die woongebied 'n braaivleis gehou het?

HOF : Langsaan of in die woongebied?

MNR. BIZOS : Ek kan nie sê of dit binne of buite was nie. Dra u kennis van die feit dat die polisie die partytjie daar gehou het omdat hulle baie gelukkig was dat die aansoek van die gemeenskapsorganisasies misluk het? — Nee, ek weet

... / niks

niks daarvan nie.

Dra u enige kennis van enige lid van die polisie wat met sy mede-polisie-offisiere deur die woongebied bestuur het met sy voete by die venster uit van die motor gery het en besig was om sports te maak? — Nee, ek weet niks daarvan nie.

Dra u kennis van die feit dat die byeenkoms vir 'n lang tyd tevore georganiseer was?

HOF : Wat was die byeenkoms? Van wie sou dit wees?

MNR. BIZOS : Van Cradora en ander gemeenskapsorganisasies.

HOF : Weet u daarvan? — Nee, glad nie.

MNR. BIZOS : Het u geweet dat die boikot ook verjaar het? Dit was 'n jaar oud? Die skoolboikot?

HOF : Sou dit ook gevier word by die byeenkoms?

MNR. BIZOS : By die byeenkoms.

HOF : Weet u daarvan? — Nee, ek weet nie daarvan nie.

MNR. BIZOS : Weet u of al die mense in die gemeenskap kennis gedra het van die feit dat die byeenkoms nie sou plaasvind nie? — Ek weet nie.

Dra u kennis van enige aankondiging wat aan mense vir die eerste keer gemaak is wat op pad na die vergadering was? Daar was op pad vir hulle gesê "Julle kan nie voortgaan nie, omdat die vergadering nie sal plaasvind nie"? — Nee, ek weet niks daarvan nie.

U dra geen kennis van enige persoon of persone wat aangekla is van die moord van die polisieman nie? — Daar is mense aangekla.

Weet u wie hulle is en wat die uitslag van daardie saak is? — Nee, ek weet nie.

Voor hierdie dag, 2 en 3 Februarie, is 'n ander persoon as die vorige prinsipaal aangestel as die waarnemende prinsipaal? Dra u kennis daarvan? — Nee.

... / Dra

Dra u kennis van die feit dat daar baie steun was vir die vorige prinsipaal wat gevra was om na Graaff-Reinet te gaan? Of dra u nie kennis nie? -- Wie is die vorige prinsipaal?

HOF : Goniwe? -- Ja, ek dra kennis daarvan.

MNR. BIZOS : Apparently I was wrong in describing him as the principal. He was the vice-principal and acting principal. In elk geval in Februarie is 'n ander prinsipaal aangestel. -- Ek weet niks daarvan nie.

Is u in staat om te erken of te ontken dat die aanvalle gedurende 2 of 3 Februarie by die huise en voertuig van die waarnemende prinsipaal en ander lede van sy familie plaasgevind het? Weet u daarvan? -- Nee.

Weet u of die nuwe waarnemende prinsipaal enige verklarings gemaak het wat sekere van sy vorige studente baie kwaad gemaak het? -- Nee, ek weet niks daarvan nie.

In verband met die ander geleentheid, hoeveel ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Die ander geleentheid is nou die keer toe die twee groepe deur die strate gehardloop het.

MNR. BIZOS : Kan u onthou of dit miskien op 17 Februarie 1985 plaasgevind het, die dag waarvan u melding gemaak het? -- Nee, ek kan nie onthou nie.

Dra u enige kennis van wat die aard van die vergadering was wat daar binne die gemeenskapsaal sou plaasgevind het? -- Nee.

U sê dat die jongmense wat die tuisgemaakte COSAS banier gehad het, het eintlik by die saal opgedaag vir die vergadering? -- Dit is korrek.

Was dit iets wat u in 'n ernstige lig beskou het toe die jongmense klippe na die polisie se huise gegooi het en het u 'n verklaring gemaak of nie? -- Ja, ek het.

... / Het

Het u nie daardie verklaring gesien voor u in die getuiebank gekom het nie? -- Nee.

By die groep wat die COSAS banier gehad het, hoeveel was hulle, sê u? -- Ek skat so tussen honderd en tweehonderd ongeveer.

Watter deel van hulle het klippe opgetel en na die polisie se huise gegooi? -- Nee, ek kan nie sê nie. Ek het agter hulle gery toe hulle verby die polisiehuise gehardloop het. Ek het net gesien klippe kom uit die bondel uit na die polisiehuise toe.

U kan nie sê hoeveel skade gedoen is, of daar enige ruite beskadig is nie? -- Nee, ek kan nie sê nie.

En geen ondersoek is ingestel nie? -- Daar is 'n dossier oopgemaak.

Maar is u gevra in verband met enige verdere ondersoek? -- Nee.

Weet u of enige persoon aangekla is? -- Ja, daar was iemand aangekla.

Van die groep? -- Dit is korrek.

Het u hulle gearresteer? -- Daar was 'n vrou wat gewond was in die voorval.

My Lord, we have tried very hard to identify. We are not able to identify it. I cannot put anything specific to the witness.

In verband met die hempies wat u gesien het op die eerste geleentheid ... (Hof kom tussenbei)

<u>HOF</u> : Dit is nou net na die moord op die konstabel?

<u>MNR. BIZOS</u> : Voor, was dit nie?

<u>HOF</u> : Nee, die eerste geleentheid was 2 en 3 Februarie. Die tweede geleentheid is waar die groepe gehardloop het.

<u>MNR. BIZOS</u> : Wanneer is die konstabel vermoor?

HOF : Op 2 Februarie is die konstabel vermoor.

MNR. BIZOS : U het die hempies gesien op die 3de? -- Dit is korrek.

Na die geleentheid toe die konstabel vermoor is? -- Dit is korrek.

Watter persentasie sal u sê van die mense het T-hempies gedra? -- 10% tot 15%.

10%? So min? -- Dit was maar 'n klein groepie gewees.

HOF : Wat sê u? Ek het nie mooi gehoor nie? 10% na 15% of 10% na 5%? -- Kyk, die groep was ongeveer tussen twintig en dertig en ek het gesê ek het omtrent vyf of ses van die geel hempies gesien.

MNR. BIZOS : Wanneer was u vir die heel eerste keer gevra hoe die persone gekleed was voor u in die getuiebank gekom het? -- (Getuie talm om te antwoord)

Het u my vraag verstaan? Voor My Geleerde Vriend vir u gevra het hoe die persone gekleed was, wanneer laas was u gevra om te herinner hoe die jongmense gekleed was? -- Nee, ek was nog nooit daardie vraag gevra nie.

Nog nooit voorheen nie? Het u nog nooit in enige verklaring melding daarvan gemaak nie? -- Nee.

Wat het die ander gedra? -- Gewone klere.

Gee vir ons 'n beskrywing van die ander gewone klere? -- Dit was net gewone hemde en broeke, soos wat enige mens aantrek.

Was u nie voorheen gevra was oor UDF T-hempies nie,waarom het u net van die UDF hempies melding gemaak toe u gevra was wat die mense daar gedra het? -- Omdat die UDF hempies geel is. 'n Mens sien dit makliker raak tussen die mense.

Wanneer was u vir die heel eerste keer gevra om hiernatoe te kom om getuienis af te lê? -- Drie weke terug ongeveer.

U het geen verklaring aan enige persoon gemaak in verband

... / met

met u getuienis hier nie? -- Ek het net 'n verklaring aan myself gemaak.

Wanneer? -- Voor ek hiernatoe gekom het.

Het u nie nagegaan of daar enige verklarings in verband met die omstandighede in vorige verklarings was nie? -- Nee.

Waarom nie? -- Daar was net vir my gesê ek moet kom getuig oor die voorvalle waar ek by was en wat ek gesien het.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Kan ons net helderheid kry oor die term wat u gebruik "Ek het 'n verklaring aan myself gemaak." Ek verstaan nie wat u daarby bedoel nie. -- Ek het die goed net op papier neergesit.

Het u met ander woorde 'n verklaring uitgeskryf? -- Ja.

HOF : Maar dit was ongeveer drie weke gelede gewees? -- Dit is korrek.

MNR. BIZOS: Het u melding gemaak van die kleredrag van die mense in daardie verklaring wat u self uitgeskryf het? -- Ja, ek het.

Waarom? Waarom in die verklaring wat u self uitgeskryf het was dit ter sake hoe die mense gekleed was? -- Om te bepaal miskien wie verantwoordelik was vir die optrede.

Maar waarom sou T-hemde persone verantwoordelik vir een of ander iets maak?

HOF : Die hemp maak nie 'n persoon verantwoordelik nie. Die persoon is verantwoordelik en die hemp dien ter identifikasie.

MNR. BIZOS : Kyk, ek wil aan u stel dat Cradora en Crado jeug-organisasies wat daar was hulle eie T-hemde gedra het. Dra u kennis daarvan? -- Ja.

Het u dikwels die T-hemde gesien? -- Watter.

Cradora en Crado? -- Cradoya.

HOF : Dit is Cradoya en nie Cradora nie? -- Daar is twee.

U sê daar is 'n Cradora en 'n Cradoya? -- Ja, dit is reg.

... / En

En 'n Crado? -- Nee, ek ken nie so iets nie.

MR BIZOS : I am instructed that my note was wrong and the witness is right. It is not Crado.

HOF : So, daar is 'n Cradora en 'n Cradoya?

MNR. BIZOS : Ja.

HOF : Is dit Cradoya en nie Cradoyo nie? -- Dit is reg.

MNR. BIZOS : Het u enige van daardie T-hemde gesien op die een of ander geleentheid wat u aan die Hof beskryf het? -- Nee, ek kan nie sê ek het hulle gesien daar nie.

Hoeveel mense het u op die eerste dag gesien? Dit is by die eerste geleentheid?

HOF : Praat u nou van die 3de Februarie?

MNR. BIZOS : 3 Februarie. Hoeveel mense het u gesien? — Tussen twintig en dertig ongeveer.

En nie een van hulle het 'n Cradora of 'n Cradoya T-hemp aangehad nie? -- Ek kan nie sê nie.

Hoeveel mense het u op die tweede geleentheid gesien wat daarna plaasgevind het? Hoeveel mense het u altesaam gesien na die vergadering stap?

HOF : Wel, u het gehoor van twee groepe, tussen honderd en tweehonderd elk. So, dit kan tussen tweehonderd en vierhonderd wees.

MNR. BIZOS : Meer as driehonderd mense het u gesien? — Die twee groepe saam?

Ja? — Ja.

Hoeveel van hulle het Cradora of Cradoya T-hemde aangehad? — Nee, ek kan nie sê nie.

Het u enigeen van daardie mense gesien met Cradora of Cradoya T-hemde aan? — Nee, ek het niemand gesien nie.

Of UDF hemde? — Nee.

Ook nie? — Ook nie.

... / Of

Of COSAS hemde? — Nee.

Het u ooit 'n COSAS hemp daar gesien? Dit is nou op Cradock? — Nee. Ek weet glad nie hoe lyk hy nie.

Weet u hoe die polisie opgetree het vroeg die oggend van 3 Februarie 1985 toe hulle probeer het om 'n sekere verdagte in verband met die moord op te spoor? -- Ek was teenwoordig daardie oggend.

Ekskuus? -- Ek was teenwoordig toe ons die verdagtes gaan soek het daardie oggend.

Is u in staat om te erken of te ontken dat die polisie vroeg die oggend van 3 Februarie 1985 gedurende die tydperk wat hulle besig was om die persoon op te spoor van tyd tot tyd traanrook gebruik het? — Ek weet van een voorval.

Net een voorval? — Ja.

Dra u kennis van die feit dat die polisie geskiet het? — Ja.

Hoe laat was die aanval by die onderwysers se huise en die beskadiging van die voertuie? — Dit was ongeveer tussen 15h00 en 16h00 die middag.

Dra u kennis van die feit dat traangas binne-in die Nederduits Gereformeerde Sendingkerk gegooi was terwyl die kerkdiens nog aan die gang was?

HOF : Was dit die oggend of die middag?

MNR. BIZOS : Die oggend voor 13h00. Dra u kennis daarvan? — Ek weet daar was traangas gegooi, maar nie binne-in die kerk nie, dit was langs die kerk gewees.

Weet u of die traangas binne-in die kerk gegaan het of nie? — Ja, ek weet.

Ek wil aan u stel dat daar twee houers binne-in die kerk gegooi was en een in die kerk se kombuis? Buite die kerk, maar daar is 'n klein kombuisie buite die kerk? Nee, ek is

... / jammer

jammer, ek trek terug wat ek gesê het. Daar was een houer in die kombuis gegooi en twee nie in die kerk nie, maar in die werf van die kerk, op die terrein? -- Ek was omtrent honderd-en-vyftig meter van die kerk af gewees toe dit plaasgevind het. So, ek kan nie sê waar die goed geval het nie.

Weet u wat die gevolgtrekking van dié soort optrede deur die polisie was?

HOF : Bedoel u wat die gevolg was of bedoel u wat die mense se houding was?

MNR. BIZOS : Wat was die houding van die mense teenoor die polisie na hierdie en ander soortgelyke gebeurtenisse? -- Van die mense wat in die kerk was nou?

Die mense wat in die kerk was asook die mense in die hele gemeenskap? -- Die dominee en van sy diakens het daar by die aanklagkantoor aangekom en vir ons kom vra wat het gebeur. Toe sê ons daar was 'n groep mense buitekant die kerk wat oproerig was en van die gas het per ongeluk in die kerk ingegaan en hulle het dit aanvaar.

Dit is miskien wat die dominee aanvaar het, maar weet u wat die houding van die ander mense was? -- Nee, ek kan nie sê nie.

Stem u saam dat dit wat u beskryf het daarna plaasgevind het? Eers het die gebeurtenis by die kerk plaasgevind en toe daarna wat u beskryf het? -- Van die brand?

Ja. -- Dit is reg.

Is daar enige rede waarom u nie melding gemaak het van daardie gebeurtenis by die kerk nie?

MNR. FICK : Ek het die getuie spesifiek nie gelei met betrekking tot onlusvoorvalle nie, behalwe waar daar T-hempies is of UDF spreuke of iets van die geaardheid, want die geweld is erken. Ek kan nie die sin sien om getuienis te lei oor

... / traangas

traangas wat per ongeluk binne-in 'n kerk afgegooi is nie.

MR BIZOS : We will argue as to ... I am sorry to be doing it this way. We are taken somewhat by surprise. The documents arrived a short while ago, but I do not think that I have any further questions.

HERONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : Geen vrae.

GEEN VERDERE VRAE.

- - - - - - - - - - -

MNR. FICK : Die volgende getuie is Thomas Johannes Hough. Dit is nog steeds Cradock, paragraaf 20 van die besonderhede, daad 66.

THOMAS JOHANNES HOUGH, v.o.e.

ONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : U is 'n adjudant-offisier in die polisie gestasioneer te Cradock en u is in die veiligheidstak? -- Dit is korrek.

U het einde Januarie 1985 na die sportgronde gegaan binne-in die Langelihle woongebied? -- Dit is korrek.

U is met 'n kamera soontoe? -- Dit is korrek.

Het u enige foto's daar geneem? -- Dit is korrek.

Van wat het u foto's geneem? -- Ek het foto's geneem van 'n sokkerveld se omheiningsmuur, waarop slagspreuke verskyn het.

Weet u hoe lank voordat u hierdie foto's geneem het die slagspreuke aangebring is? -- Ongeveer 'n dag voor dit, wat ek die foto's geneem het.

Ek sal graag as BEWYSSTUK AAY(20) 'n stel foto's wil ophandig. Daar is sestien foto's.

HOF : Is dit alles foto's van een muur?

MNR. FICK : Dit is korrek. Dit is 'n lang muur en die hele muur reg rondom is afgeneem. Is dit die foto's wat u die betrokke dag geneem het? -- Dit is korrek.

... / U

U het hulle in 'n volgorde geplaas, beginnende by die een hek reg rondom tot weer by daardie punt? — Dit is korrek.

Het u nou deur hulle gekyk? Is dit die foto's wat u geneem het? — Dit is korrek.

Uself kan uiteraard nie vir die Hof sê wie het hulle daar aangebring nie, die slagspreuke op die mure? — Nee.

HOF : As die slagspreuke vir u van belang is, moet u net vir ons op rekord plaas, anders moet ons weer na die foto's kyk.

MNR. FICK : Kan u dan maar asseblief by die eerste foto begin AAY(20)(1). Lees net vir die Hof uit wat staan op elke foto op die muur? — Dit was met wit verf aangebring "Viva Mkhonto we Sizwe. ANC."

Die volgende een? — Die volgende een "Viva Mandela Sisulu Mkhlaba Mbeki."

Die derde een? — "Beware Botha, Thambo is coming."

AAY(20)(4)? — "Long live ANC UDF MK Freedom Now Now."

AAY(20)(5)? — "Beware Botha, Thambo is coming."

Dan die volgende een? — "ANC is still alive. Long live Mkhonto we Sizwe. Long live UDF. Ban Apartheid."

AAY(20)(7)? — "Le Grange, Minister of Disorder."

AAY(20)(8)? — "No gathering will cause disorder. Disorder is existing right now.

AAY(20)(9)? — "Caused by you but Viva ANC".

Dan op AAY(20)(10)? — "Let the struggle continue until justice is attained."

Die volgende foto AAY(20)(11)? — "ANC is still alive. Viva Mkhonto we Sizwe."

AAY(20)(12)? — "Beware Botha, Thambo is coming."

Wat staan op AAY(20)(13)?— "Long live Mandela Sisulu Mbeki Mkhlaba."

AAY(20)(14)? — "ANC".

... / Dan

Dan AAY(20)(15)? -- "Long live ANC UDF CRADOYA."

En die laaste een AAY(20)(16)? -- "ANC MK Viva AK 47."

U is ook later ontbied om foto's te neem van 'n sekere toiletmurasie wat in die woongebied gestaan het. Is dit korrek? -- Dit is korrek.

Ek wil aan u toon foto AAY(21). Dit is net een foto. Kan u net op rekord plaas wat het u afgeneem op daardie toilet? Laat ons dit net duidelik eers kry, dit was die begin Februarie 1985? -- Dit is korrek.

Wat staan op hom? -- "Let us kill Migosdal's Hotnots on Sunday. Viva ANC UDF CRADOYA."

Laat ons net duidelikheid kry. Migosdal, is dit 'n woongebied daar by Cradock? -- Dit is die Kleurlingwoongebied.

Kan u vir die Hof enigiets aandui met betrekking tot hierdie BEWYSSTUK AAY(21) se bewoording? Was daar op daardie stadium enige probleme tussen die Kleurlinge in Migosdal en enige van die organisasies wat u van weet? ANC, UDF of CRADOYA? -- Ja. Daar is lede uit die Kleurlinggemeenskap wat begin het by die Swartgemeenskap aansluit en sekere dinge georganiseer het waarvan ek nie heeltemal op hoogte is nie, maar toe kom daar vrees uit die Kleurlinggemeenskap uit dat die Swartgemeenskap wil hulle aanval en wil hulle beseer en hulle eiendom beskadig en so aan.

Maar was daar enige probleme, struweling tussen die Kleurlinggemeenskap in Migosdal en enige van hierdie organisasies wat u van weet? -- Op daardie stadium nog nie.

Het daar later probleme ontstaan? -- Dit is korrek.

Hoe lank na hierdie spreuk aangebring was het die moeilikheid begin? -- Kort hierna het die eerste onrus by die jeugdiges in die skole begin."

By Wat se skole? Kleurlingskole, Swartskole? -- By

... / die

die Kleurlingskole het dit toe begin.

U noem dit onrus. Wat bedoel u daarby? Is dit skoleboikot, was daar klipgooiery of wat was dit? -- Skoleboikot, klipgooiery en buitebande aan die brand steek in die strate.

Nou wil ek u vra in verband met begrafnisse in Cradock in die Swartwoongebied. Het u van hierdie begrafnisse sedert 1984, begin 1984 bygewoon, observasie gehou by die begrafnisse? -- Korrek.

Sedert wanneer het u begin observasie hou by begrafnisse? -- Ek het nie by elke begrafnis observasie gehou nie, maar van die einde van 1984 periodiek.

Was dit begrafnisse wat gehou was in die Langelihle woongebied of in 'n ander woongebied? -- Langelihle woongebied sowel as van die omliggende dorpe het ek ook by een of twee begrafnisse observasie gehou.

Het daar vir u enige patroon geblyk uit die begrafnisse wat u bygewoon het van die mense se optrede wat gereeld gevolg is, soos u observasie gehou het?

MR BIZOS : I object to the question, My Lord.

COURT : Why do you say so?

MR BIZOS : Because it is an opinion. That is for Your Lordship to make and not for the witness.

COURT : Well, if he says for example that they all bore the coffin on their shoulders, what would be wrong with the answer? I do not know what is coming.

MR BIZOS : I would not have had any objection to that question if it was limited in that way, but if we are going to have the sort of situation that we had in Vryburg where I had occasion to object on a similar basis and if my memory serves me correctly, Your Lordship upheld the objection, but the witness must give Your Lordship facts from which, if there is

... / a

a pattern, it is for Your Lordship and Your Lordship's assessors to assess, not for this witness to come to a conclusion as to what the pattern is. It would be an opinion, an interpretation of the facts and he is reaching conclusions.

COURT : It depends onwhat is meant by the word "patroon". One can rephrase the question. Is daar iets wat by al die begrafnisse voorgekom het, then there cannot be an objection.

MR BIZOS : I cannot object to that.

MNR. FICK : Kom ek vra u dan so. U moet asseblief nie u eie opinie uitspreek nie. U moet net sê wat u gesien het. By hierdie begrafnisse waar u observasie gehou het, het daar sekere dinge gebeur wat by elke begrafnis gebeur het of by meeste van die begrafnisse gebeur het? — Ja.

Voor die kerkdiens begin by die begrafnisse, het u in daardie gevalle ook observasie gehou? — Dit is korrek.

Wat merk u voor die kerkdiens begin? Wat gebeur? — Voor die kerkdiens in aanvang neem, is die naasbestaandes in die geval van 'n begrafnis reeds in die kerk of in die saal waar die diens gehou word. Buitekant die saal of die kerk is daar 'n samedromming van Swartjeugdiges wat gepaard gaan met 'n geskreeu en 'n gesingery.

Die gesingery, is dit kerkliedere wat gesing word of wat word gesing of weet u nie? — Nee, ek kan nie sê nie.

En die geskreeuery buite die kerk, kan u enige aanduiding gee wat is daar geskreeu? Wat word daar geskreeu? — Baie slagspreuke.

Wat se slagspreuke word daar geskreeu? — Viva UDF. Viva ANC, Viva Umkhonto we Sizwe, Viva Cradora, Viva Cradoya, Viva AK 47, Viva Basooka.

U sê nou vir die Hof die familie is gewoonlik in die kerk terwyl die gesingery en geskreeuery buite die kerk aan

... / die

die gang is. Wat gebeur dan? — Gewoonlik hardloop hulle met die strate, die jeugdiges buitekant die kerk nou.

Is dit nou terwyl die familie nog binne-in die kerk sit? — Dit is korrek.

Dié wat nou so deur die strate hardloop, wat maak hulle? Sing hulle, skreeu hulle, wat maak hulle? — Dit gaan gepaard met 'n gesingery en 'n geskreeuery.

Wat skreeu hulle? — Slagspreuke.

Dit wat u genoem het? — Dit wat ek genoem het.

Wat is die reaksie van die ander inwoners van die woongebied as hulle so deur die strate hardloop en skreeu en sing? — Die jeugdiges wat op daardie stadium nog nie by die groep aangesluit het nie, sluit aan.

Hoe lank is hierdie hardlopery deur die strate dan aan die gang? — Tot nadat die kerkdiens verby is.

Is daar enige plakkate of baniere of vlae op hierdie begrafnisse wat u so bygewoon het? — Ja, daar was.

Eerstens baniere, is dit baniere van sekere organisasies of is dit baniere oor heeltemal ander goed? — Daar is baniere van sekere organisasies, maar die meeste is tuisgemaakte baniere, as ek dit so kan stel in die hof.

Die baniere wat u gesien het, die tuisgemaakte baniere, wat staan op die goed? — Dit is gewoonlik die plaaslike organisasies se baniere soos Cradora, Cradoya.

Hierdie baniere, wanneer kom hulle op die toneel met betrekking tot so 'n begrafnis? Voor die kerkdiens begin, na die kerkdiens begin? Wanneer sien u dit die eerste keer? — Wanneer die kerkdiens afgehandel is en die stoet beweeg na die begraafplaas toe.

Kan u sien waar kom die baniere vandaan? Kom hulle uit die kerk uit of waar kom hulle vandaan of weet u nie? — Dit

... / is

is vir my moeilik om te sê.

U het vir die Hof aangedui hierdie ander klomp hardloop in die strate en skreeu en sing tot die diens verby is. Wat gebeur as die kerkdiens nou verby is? -- Gewoonlik na die kerkdiens is dit 'n massa-optog.

Die klomp wat deur die strate gehardloop het, u sê dit is 'n massa-optog, sluit hulle aan by die stoet of hou hulle hulle eie optog? -- Hulle sluit aan by die stoet.

En die kis, wat gebeur met die klomp wat daar by die stoet kom? -- Die kis word saam in die stoet afbeweeg. Hulle dra die kis.

Laat ons net duidelikheid kry, u sê hulle dra die kis. Is dit die familie of is dit ander mense? -- Dit kan ek nie sê nie. Dit is begrafnisgangers wat die kis dra.

As hierdie spul hardlopendes en singendes by die stoet aansluit hoe is die stoet dan? Is dit nog stemmig soos by 'n begrafnis? -- Nee, die geskreeu en die gesing gaan aan met die kis gewoonlik voor aan die stoet.

En die baniere, waar is hulle nou? -- Die baniere is tussen die stoet. Soos die stoet beweeg, tussenin.

Die begrafnisse waar hierdie voorvalle nou plaasvind, is dit begrafnisse van persone wat aan sekere organisasies behoort het of is dit begrafnisse van enige mense? -- Dit is persone wat aan sekere organisasies behoort. Dit is persone wat gesterf het uit veiligheidsmag-optredes. Dit is persone wat gesterf het onder onnatuurlike oorsake.

U sê dit is onnatuurlike oorsake. 'n Motorongeluk is ook 'n onnatuurlike oorsaak. Is dit sulke gevalle?-- Dit is korrek.

En hierdie tipe begrafnis wat u nou beskryf, is dit van die begin af met dieselfde reëlmaat wat dit so plaasgevind het of soos die tyd aangegaan het het dit meer gereeld gebeur

dat begrafnisse so gehou word? — Ja-nee, dit het toegeneem.

Laat ons net verder gaan, die klomp sluit by die stoet aan en daar word gesing en geskreeu en hulle stap nou met die kis na die graf toe, wat gebeur daar by die graf? — By die graf terwyl die teraardebestelling aan die gang is, gaan die jeugdiges tot 'n mate eenkant toe, dit bedaar so 'n bietjie, die geraas en die gesingery. Na die teraardebestelling bly die groot getalle jeugdiges agter en dan kom dit vir my voor, wanneer die groot mense, die volwassenes, die naasbestaandes weg is van die graf af, dat hulle eenkant toe is, dat hulle huise toe gegaan het, daar gaan hierdie optog deur die jeugdiges, die gesingery en die geskreeuery voort deur die strate van voor af.

Bly dit dan net by optogte deur die strate, gesingery en geskreeuery of gebeur daar ander goed ook nou na die begrafnis? — Wanneer dit 'n onrusslagoffer is, dan gebeur dit dat sekere teikens deur hierdie jeugdiges dan aangeval word.

Eerstens wat se teikens praat u van? — Dit is goedgesinde, Regeringsgesinde Swartmense, Swartmense wat nie aan sekere organisasies behoort waar hulle onder dwang staan nie.

MR BIZOS : Is My Learned Friend contending that this is admissible evidence?

HOF : Het die getuie kennis hiervan?

MNR. FICK : Ek het nie hierdie antwoord verwag nie.

HOF : Dit word geskrap.

MNR. FICK : Die teikens wat aangeval word, is dit mense van spesifieke beroepe of beroepsgroepe of wat sekere werke verrig? — Dit is gewoonlik onderwysers, polisiebeamptes en van die Ontwikkelingsraadslede,

HOF : Ontwikkelingsraadslede of Stadsraadslede, Gemeenskapsraadslede? — Gemeenskapsraadslede.

... / MNR. FICK

MNR. FICK : Terwyl ons nou oor raadslede praat, Gemeenskapsraadslede, het Cradock op hierdie stadium enige Gemeenskapsraad nog? -- Nee.

HOF : Het hy een gehad? -- Dit is korrek.

MNR. FICK : Wie beheer nou die Swartwoongebied? -- Dit val onder die Munisipaliteit van Cradock.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS : Mnr. Hough, by hoeveel begrafnisse was u teenwoordig voor die einde Junie 1985? -- Dit is vir my moeilik om te sê. Dit is oor 'n tydperk.

Ek vra u asseblief om een begrafnis te neem voor die einde van Junie 1985? Noem een, asseblief waar u by was? -- Ek was by een gewees op Somerset-Oos.

O, nie by Cradock nie? -- Nee.

Hoe ver is Somerset-Oos van Cradock af? -- So 110 kilo's.

Kan u enige begrafnis noem voor die einde Junie 1985 wat u bygewoon het? -- Wil u nou weet op Cradock?

Op Cradock, ja? -- Ja, ek was daar by begrafnisse gewees op Cradock.

By wie se begrafnisse was dit? -- Ek kan nie vir u 'n spesifieke tyd gee nie.

Gee asseblief vir ons die naam van een oorlede waar u die begrafnis bygewoon het voor einde Junie 1985? -- Dit was die begrafnis van - ja-nee, dit is vir my moeilik om nou 'n spesifieke naam te gee.

Of die datum? -- Nee, ek kan nie 'n spesifieke datum gee nie.

Of die ouderdom? Kan u vir ons enige detail gee voor einde Junie 1985 sodat ons kan nagaan en probeer vasstel wat by die begrafnis plaasgevind het? -- Daar was gevalle gewees van onrusslagoffers wat begrawe is.

Wie? -- Nee, ek kan nie name onthou nie.

... / Weet

Weet u of die leiers van plaaslike organisasies 'n beroep gedoen het op die jongmense om nie geweld te gebruik teen enige persoon of nie? Weet u of weet u nie van sulke beroepe nie? -- Ek weet nie.

Gee ons asseblief die naam van een raadslid te Cradock wie se huis of se eiendom beskadig was? -- Die een was Doris Hermaans.

Wanneer was dit? -- Dit was gedurende 1985.

Wanneer gedurende 1985? -- Sê die laaste helfte van 1985.

Enige ander raadslid wie se eiendom beskadig is? -- Ek is nie op hoogte met hulle name nie, omdat ek op daardie stadium nog kort in Cradock was.

Weet u of daar enige eiendom van enige raadslid voor die einde Junie 1985 beskadig was of nie? -- Ja.

Wie? -- Ek kan nie die name onthou nie.

In watter deel van die dorp sodat ons u getuienis kan toets? -- In die middel van die dorp, van die Swartwoonbuurt.

Dra u enige kennis van die houding van die leiers van die gemeenskapsorganisasies teenoor enige geweld of dreigemente teenoor die raadslede of nie? -- Ja, ek dra kennis.

Van wat? -- Van dreigemente.

Nee, dra u kennis van die houding van die leiers van die gemeenskapsorganisasies oor hierdie soort dreigemente? -- Ja.

Van wie? -- Van persone wat op organisasies gedien het, leiersfigure wat hierdie raadslede geïntimideer het.

U weet daarvan? -- Ja.

Van wie weet u? -- Laat ek net duidelikheid oor die vraag kry. Van die organisasie se kant af nou of wil u weet ...

(Mnr. Bizos kom tussenbei)

Albei. Wie van die organisasies af het die raadslede geïntimideer? Die naam van een of ander of altwee? -- Wil

... / u

u die organisasies se name hê?

Ek wil die persoon se naam hê, asseblief? — Daar is persone soos Mbulelo Goniwe.

Wanneer is dit? — Dit was 1985 gewees.

Wanneer in 1985? — Ek kan nie vir u 'n datum gee nie. Ek weet dit was gedurende 1985.

Wie is die persoon?

HOF : Mbulelo Goniwe.

MNR. BIZOS : Is dit die prinsipaal?

HOF : Adjunk-prinsipaal? — Nee, hy is nie 'n onderwyser nie.

MNR. BIZOS : Waar is hy? Wat is sy beroep? Wat is sy amp in die organisasie? — Wie? Mbulelo Goniwe?

Ja? — Hy was die organiseerder, die hoof-organiseerder van Cradora en Cradoya op 'n stadium gewees.

Het u persoonlike kennis van enige dreigemente wat hy sou gemaak het? — Ja.

Persoonlike kennis? — Kennis wat ek opgetel het met my ondersoek.

Omdat ek dit aan u wil stel dat daar in die openbaar, die leiers van hierdie organisasie ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Ek dink u moet nou die name noem, laat ons dit duidelik kry, want hy het vir u die naam van 'n leier van die organisasie gegee wat 'n dreigement geuiter het. Nou moet u sê wie dit wel gedoen het.

MNR. BIZOS : Ek wil aan u stel dat Mbulelo Goniwe en Mathew Goniwe openbare verklarings gemaak het teen die geweld. Is u in staat om dit te erken of te ontken? — Nee, ek dra nie kennis daarvan nie.

Is die situasie in Cradock vererger na die onnatuurlike dood van hierdie prinsipaal Goniwe? — My persoonlike mening sal ek sê ja.

... / Was

Was dit in Julie 1985? — Ja, ek dink dit was die datum gewees.

HOF : Is dié Goniwe nou 'n ander een as Mbulelo en Mathew?

MNR. BIZOS : Mathew is the vice-principal.

HOF : Weet u van Mathew Goniwe? — Ja.

MNR. BIZOS : Hy en ander lede van die organisasie of die plaaslike gemeenskapsorganisasies is dood gevind na hulle vermis was vir 'n paar dae. Is dit so? — Ek het dit so verneem van die pers, die radio.

Ek vra u nie om te sê of dit korrek is nie of inkorrek (10) maar is die gemeenskap daar of 'n deel daarvan van mening dat die dood van die drie mense nie 'n ongeluk was nie - die twee mense? Daar is beskuldigings gemaak in verband met hulle dood? -- Ek het dit so verneem, ja.

Dit word beweer dat dit vigilantes moes gewees het wat hulle sou vermoor het? — Nee, ek het nie soveel detail in die storie nie.

Het u nie van daardie bewering gehoor nie? — Nee.

Nooit nie? — Ek het net gehoor die mense is dood aan onnatuurlike oorsake. (20)

Was u by hulle begrafnis? — By Mathew s'n?

Ja? — Nee.

U kan net van een begrafnis melding maak voor die einde Junie 1985 in Cradock? — Nee, ek het gesê daar was 'n paar begrafnisse, maar ek kan nie vir u spesifieke datums gee nie.

Maar was daar baie begrafnisse einde Junie, begin Julie toe Mathew Goniwe dood is? — Daar is begrafnisse, gereeld begrafnisse op Cradock.

Ek wil net met die foto's handel. Op watter datum het u die foto's geneem? — Dit was hierso middel - kort na (30) middel 1985 as ek reg is. Ek is nou nie seker nie.

... / Na

Na Junie/Julie 1985? — Ja, dit kan daar rond wees.

Hoe bepaal u die datum? Waarom sê u dat dit gedurende Junie of Julie 1985 was? — As ek reg is was dit kort na of voor die begrafnis van Mathew Goniwe gewees.

Ons weet dit was gedurende Julie. — As ek reg is.

K340 U kan onthou dit was 'n paar dae voor of 'n paar dae na die begrafnis van mnr. Goniwe? — Dit kan ek nie nou sê nie. Ek kan nie dit onthou nie.

Dit was in daardie tyd gewees? — As ek reg is was dit in daardie tyd gewees.

Is die slagspreuke teen die buitemuur of binnemuur van die muur? — Dit was aan die buitekant gewees.

Dit lyk vir my ten minste as ons na 'n paar van die foto's kyk dat die persoon of persone wat dit gedoen het moes baie tyd gehad het omdat die letters goed gevorm is, deur 'n persoon wat amper 'n deskundige is, 'n "signwriter"?

HOF : 'n Letterskilder.

MNR. BIZOS : Deur 'n letterskilder gedoen is? — Daarop kan ek nie antwoord gee nie. Ek dra nie kennis daarvan nie.

As u kyk byvoorbeeld na 'n paar van die foto's, het hy opgetree soos 'n skilder, want van die letters is eers op die muur geskryf en daarna is die duidelike merke gedoen. As u byvoorbeeld kyk na foto's 14, 15 en 15 kyk, het iemand eers daar geskryf wat daar geskryf moet word en daarna is dit met wit verf gedoen. Kan u dit sien? — Ek wil net duidelikheid hê, hierdie foto nr. 15, is dit waarna u verwys, daardie swart gekrap?

Ja? — Dit is ou slagspreuke, ou geskrewe slagspreuke.

Wat voorheen daar geskryf was? — Ja, dit was met voorwerpe uitgekrap op die muur.

Wanneer was dit gedoen? — Nee, ek kan nie sê nie.

... / Was

Was u die ondersoekbeampte in die saak? -- Nee, dit was nie. Dit was nie 'n saak nie. Ons het net die foto's geneem vir rekorddoeleindes.

Het u nie vingerafdrukke probeer kry of die aard van die verf probeer bepaal nie? -- Soos ek sê daar was nie 'n saak gewees nie. Ek het die foto's geneem vir ons vir kantoorgebruik, dat ek dit het.

Aan wie behoort die latrine wat hierdie gravering op voorkom? -- Dit is 'n uitgediende toilet. Hy is nie meer in gebruik nie.

Aan wie het hy behoort? -- Hy het behoort aan die Swartwoonbuurt.

Is daar 'n pad langs die sokkerveld? -- Ja.

Is dit een van die hoofpaaie van die gebied? -- Ek sal nie sê dit is 'n hoofpad nie, maar dit word gebruik.

Om terug na die begrafnisse te gaan. Weet u van enige gewoonte dat mense wat 'n begrafnis bywoon terug moet gaan na die ouerhuis van die oorledene? -- Ek verneem dit is tradisie by die Xhosas.

Ons aanvaar dat die meerderheid in Cradock Xhosas is, maar weet u of dit die gewoonte is van amper alle Swartmense in Suider-Afrika? -- Nee, ek weet nie of dit die gewoonte is nie.

Is dit u ondervinding dat na die oorledene begrawe is, al die mense na die oorledene se huis teruggaan? -- Met my tydjie wat ek hier in die Republiek is, lyk dit vir my dit is net die naasbestaandes, die direkte familieverwante wat teruggaan na die huis toe.

As ek dit aan u stel dat dit die gewoonte is dat al die mense terug moet kom om hulle hande te was en ook verversings te geniet by die huis en dit van al die mense verwag word

... / om

om terug te gaan, sal u in staat wees om dit te erken of te ontken? -- Ek dra nie so kennis daarvan nie.

Weet u of u mede-offisiere in die polisie miskien die teruggaan van die begrafnisbywoners misverstaan het en dit as ʼn onwettige optog beskou het? -- Nee, ek dra nie kennis daarvan nie.

En weet u dat daar miskien ook ʼn ander patroon is dat die polisie traanrook gebruik, rubberkoeëls, donshael en sambokke om die mense wat teruggaan na die huis van die oorledene uiteen te jaag? Dra u kennis daarvan? -- Die kennis wat ek dra is dat wanneer daar probleme ontstaan met die terugtog, dat daar miskien begin klip gegooi word of huise word aan die brand gesteek of so iets, dan sal die polisie optree.

Ek wil dit aan u stel dat daar ongelukkig getuienis sal wees dat die patroon is dat as mense teruggaan na die oorledene se huis toe, hulle aangeval is alhoewel daar geen geweld deur die mense gebruik is nie, alhoewel daar geen klipgooiery of enige ander soort geweld is nie?

HOF : Is dit nou waar dit ʼn wettige optog is of ʼn onwettige optog? Want ons het ook hier verbiedinge gehad dat daar glad nie te voet geloop mag word na die begrafnis toe nie.

MR BIZOS : It may be an unlawful procession, but what we do put in issue is that it is a violent procession.

Ek wil aan u stel dat die patroon is dat die terugkeer van die mense, alhoewel daar geen geweld is nie, die polisie probeer om die mense uiteen te jaag en daarna is daar geweld. Is u in staat om dit te erken of te ontken? -- Nee, wat Cradock betref, ontken ek dit. Ek weet nie van ander plekke nie.

Kan u vir ons sê wat se geweld daar was by Cradock na enige begrafnis voor die begin Julie 1985? -- Huise was afgebrand.

... / Wanneer

Wanneer? Na wie se begrafnis? — Nee, ek kan nie vir u name noem nie. Ek is nie so op hoogte met die name nie, maar u praat van begrafnisse.

Ja. -- Ek praat ook nou van begrafnisse, kan ek of weet ek van gevalle waar voor en na die begrafnisse huise aangeval was en mense met klippe gegooi is.

U kan nie vir ons 'n datum gee nie? -- Nee.

Of enige ander detail sodat ons u getuienis kan nagaan nie? -- Nee.

MNR. BIZOS VRA VIR 'N VERDAGING.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

K341 THOMAS JOHANNES HOUGH, nog onder eed

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS (vervolg) : Wanneer het u na Cradock toe gegaan vir die eerste keer? — Dit was Oktober 1984.

Toe u daar gekom het, het die Gemeenskapsraad nog bestaan? — Hy het.

Seker? — Ja.

U weet nie van Oktober 1983 nie? U was eers daar in Oktober 1984? — Wat ek op Cradock gekom het. Dit is korrek.

Ek wil aan u stel dat van Meimaand 1984 daar nie 'n Gemeenskapsraad bestaan het nie? — Nee, sover my kennis strek het dit bestaan toe ek op Cradock gekom het.

HERONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : Geen vrae.

GEEN VERDERE VRAE.

- - - - - - - - - -

**DELMAS TREASON TRIAL 1985-1989**

## *PUBLISHER:*

*Publisher:-* **Historical Papers, The University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2009**

## *LEGAL NOTICES:*

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

## *DOCUMENT DETAILS:*

*Document ID:-* **AK2117-I1-14-107**
*Document Title:-* **Vol 107 p 5283-53S6. Witnesses: Nel, Bosch, Meistre, Wentzel, Botha, Hough**